

# VERLOS | VAN SKANDE

VIND VRYHEID IN HOM

'n LOVE GOD GREATLY AFRIKAANS JOERNAAL

*VERLOS VAN SKANDE: VIND VRYHEID IN HOM*

Kopiereg © 2020 deur Love God Greatly Bediening

Toestemming word verleen om hierdie dokument te druk en te herproduseer vir die doel om die *Verlos van Skande: Vind Vryheid in Hom* aanlyn Bybelstudie te voltooi. Moet asseblief nie hierdie dokument op enige manier verander nie. Alle regte voorbehou.

Gepubliseer in Dallas deur Love God Greatly.

## BY LOVE GOD GREATLY VIND JY WARE, LEWENSEGTE VROUENS. VROUENS WAT ONVOLMAAK, MAAR TOG VERGEWE IS.

Vrouens wat minder van hulself, en baie meer van Jesus begeer. Vrouens wat graag vir God deur Sy Woord wil leer ken, want ons weet dat die Waarheid ons verander en vry maak. Vrouens wat beter is wanneer hulle saam is, deurdrenk in God se Woord en in ‘n gemeenskap met mekaar.

Welkom vriendin. Ons is so bly dat jy hier is…

# INHOUDSOPGAWE


01 WELKOM
02 HULPBRONNE
03 LOVE GOD GREATLY
04 SOAP STUDIE
07 GETUIENIS
10 INLEIDING
11 LEESPLAN
13 JOU DOELWITTE
14 WEEK 1
39 WEEK 2
65 WEEK 3
91 WEEK 4
117 KEN HIERDIE WAARHEDE

# WELKOM

*Maak gebruik van die volgende hulpbronne terwyl jy die studie volg:*

- Weeklikse Blogs
- Weeklikse Memoriseerverse
- Weeklikse Uitdagings
- Facebook, Twitter, Instagram
- LoveGodGreatly.com
- LoveGodGreatly.com/afrikaans
- Hashtags: #LoveGodGreatly #LoveGodGreatlyAfrikaans

Ons is verheug dat jy by ons aangesluit het vir hierdie Bybelstudie! Eerstens, weet dat daar vir jou gebid is! Dit is geen toeval dat jy aan hierdie studie deelneem nie.

Ons gebed vir jou is eenvoudig: dat jy nader aan God sal groei soos wat jy elke dag in Sy Woord delf! Soos jy die dissipline ontwikkel om daagliks in God se Woord te wees, bid ons dat jy Hom meer sal liefkry soos jy tyd spandeer om die Bybel te lees.

Elke dag, voordat jy begin om die aangewese Bybelverse te lees, bid en vra God om jou te help om dit te verstaan. Vra Hom om met jou te praat deur Sy Woord. Luister dan. Dit is Sy werk om tot jou te spreek, en jou werk om te luister en te gehoorsaam.

Neem tyd om die verse oor en oor te lees. Ons word in Spreuke geleer om te soek en ons sal vind: “Soek vir dit soos jy silwer sou soek, spoor dit op soos ‘n verborge skat. Dan sal jy weet hoe om die Here te dien, sal jy ontdek wat dit is om God te ken.” (Spreuke 2:4)

Almal van ons hier by *Love God Greatly* kan nie wag vir jou om te begin nie, en ons hoop om jou by die wenstreep te sien.  Volhard, druk deur—en moenie opgee nie! Eindig sterk met dít waarmee jy vandag begin. Ons sal elke tree van die pad hier wees om jou aan te moedig! Ons is saam in hierdie proses. Streef daarna om vroeg op te staan, om die spanning van die dag opsy te skuif, om alleen te sit en tyd in God se Woord te spandeer! Kom ons sien wat God vir jou wil leer in hierdie studie! Reis saam met ons soos ons leer om God heelhartig met ons lewens lief te hê!

# HULPBRONNE

*Sluit By Ons Aan*

### AANLYN

lovegodgreatly.com

lovegodgreatly.com/afrikaans

### WINKEL

lovegodgreatly.com/store

### FACEBOOK

facebook.com/LoveGodGreatly

facebook.com/Love-God-Greatly-Afrikaans-717623225000335

### INSTAGRAM

instagram.com/lovegodgreatlyofficial

instagram.com/liefgodgrootliks

instagram.com/lovegodgreatlyafrikaans

### TWITTER

@_LoveGodGreatly

### LAAI DIE APP AF

### KONTAK ONS

info@lovegodgreatly.com

lovegodgreatlyafrikaans@gmail.com

### SKAKEL BY ONS IN

#LoveGodGreatly

#LoveGodGreatlyAfrikaans

# LOVE GOD GREATLY

*Love God Greatly* (LGG) is 'n pragtige gemeenskap van vrouens wat 'n verskeidenheid soorte van tegnologie gebruik om mekaar verantwoordbaar te hou in God se Woord. Ons begin met 'n eenvoudige Bybel leesplan, maar dit eindig nie daar nie.

Sommige vrouens kom bymekaar in hulle plaaslike huise en kerke, terwyl ander aanlyn met vrouens van reg oor die wêreld inskakel. Watter metode ons ookal gebruik, ons neem liefdevol mekaar se hande en verenig vir hierdie doel: om God heelhartig met ons lewens lief te hê.

*Sal jy dit oorweeg om uit te reik en hierdie studie saam met iemand anders te doen?*

In vandag se vinnig-veranderende, tegnologie-gedrewe wêreld, is dit maklik om God se Woord te bestudeer in 'n geïsoleerde omgewing wat nie aanmoedig en ondersteuning bied nie, maar dit is nie die doel hier by *Love God Greatly* nie. God het ons geskape om in gemeenskap met Hom en die mense rondom ons te leef.

Ons het mekaar nodig, en ons leef die lewe beter saam. Sal jy dit oorweeg om uit te reik en hierdie studie saam met iemand anders te doen?

Wees verseker dat ons saam met jou hierdie studie gaan doen—ons gaan saam met jou leer, jou aanmoedig, soete samesyn geniet en van oor tot oor glimlag soos ons sien hoe God vrouens saamsnoer—doelgerig harte en gedagtes saambind tot Sy eer.

So hier is die uitdaging: betrek jou moeder, jou suster, jou ouma, die vrou oorkant die straat, of die universiteitsvriendin aan die ander kant van die land. Betrek 'n groep vrouens van jou kerk of jou werk, of ontmoet in 'n koffiewinkel met vriende wat jy nog altyd beter wou leer ken.

Arm om arm en hand in hand. Kom ons doen dit…saam.

# DIE SOAP BYBELSTUDIE METODE

## HOE EN HOEKOM

*Die mees belangrike bestanddele van die SOAP metode is jou interaksie met God se Woord en jou toepassing daarvan in jou lewe.*

By *Love God Greatly* glo ons dat die Woord van God lewendig en aktief is. Ons glo dat die woorde van die Bybel kragtig en effektief is en toepaslik is vir die lewe in alle tye en alle kulture. Ons weet ook dat die Bybel geskryf is vir spesifieke gehore in spesifieke kulture op spesifieke tye. Ons glo dat, om die Bybel korrek te kan interpreteer, ons 'n begrip moet hê van die konteks van die oorspronklike geskrifte.

Ons gebruik die SOAP Bybelstudie metode om die Bybel te bestudeer. Hierdie Engelse akroniem staan vir die woorde Scripture, Observation, Application, en Prayer (Skrifgedeelte, Observasie, Interpretasie en Gebed). Dit is een ding om net die Bybel te lees. Wanneer jy interaksie het met die Woord, doelbewus jou tyd neem om werklik daaroor te bepeins, dan begin waarhede vir jou uitstaan. Die SOAP metode maak dit vir jou moontlik om dieper te delf in die Bybel en meer te sien as wanneer jy net die verse lees. Dit help ons om nie net te hoor wat die Woord sê nie, maar om te doen wat die Woord sê (Jakobus 1:22).

In hierdie joernaal sal jy daagliks verse hê om te lees en 'n paar verse om te SOAP. Ons lees 'n gedeelte van die Bybel en pas dan die SOAP metode toe op 'n paar verse. Ons glo dat hierdie metode ons help om 'n beter begrip van die Bybel te kry, wat ons dan toelaat om dit effektief in ons lewens toe te pas.

Die mees belangrike bestanddele van die SOAP metode is jou interaksie met God se Woord en jou toepassing daarvan in jou lewe. Jy sal nooit tyd mors in God se Woord nie. Dit is kragtig en effektief. Neem jou tyd om dit nougeset te bestudeer, en om die waarheid van God se karakter en sy hart vir die wêreld te ontdek.

Ons moedig jou aan om die SOAP metode toe te pas wanneer jy die daaglikse verse lees. Neem asseblief die tyd om te SOAP deur ons Bybelstudies en sien vir jouself hoeveel meer jy uit jou daaglikse stiltetyd kry.

Jy sal verbaas wees.

# SOAP STUDIE *(VOORTGESIT)*

## MAANDAG

LEES
*1 Timoteus 1:1-7*

SOAP
*1 Timoteus 1:5-7*

*Scripture*

SKRYF DIE BYBELVERSE VIR VANDAG NEER.

Hierdie geloof en liefde is gegrond op die hoop wat vir Julle in die hemel bewaar word en waarvan Julle reeds gehoor het toe die waarheid, die evangelie, aan Julle verkondig is. Die evangelie het Julle bereik, en net soos dit in die hele wêreld vrug voortbring en verder versprei, gebeur dit ook by Julle van die dag af dat Julle van God se genade gehoor het en dit leer ken het soos dit werklik is. Julle is daarin onderrig deur Epafras, ons geliefde medewerker en 'n getroue dienaar van Christus in Julle belang. Dit is ook hy wat ons vertel het van die liefde wat deur die Gees in Julle gewek is.

*Observations*

SKRYF 1 OF 2 OPMERKINGS UIT DIE VERSE NEER.

Wanneer Jy geloof en liefde kombineer, kry Jy hoop.
Ons moet onthou dat ons hoop in die hemel is......dit wag op ons. Die evangelie is die Woord van Waarheid. Die evangelie dra vrugte en groei van die eerste dag tot die laaste. Dit neem net een persoon om 'n hele gemeenskap te verander....Epafras.

**S** STAAN VIR **SCRIPTURE (SKRIFGEDEELTE)**

*Skryf die verse ten minste een keer neer.*

*Neem jou tyd, skryf die verse uit die Bybel neer en fokus op wat jy skryf.*

*Dit is altyd goed om dit meer as een keer neer te skryf.*

**O** STAAN VIR **OBSERVATION (OBSERVASIE)**

*Neem jou tyd om die Skrifgedeelte nougeset waar te neem.*

*Wat sien jy in die verse wat jy lees? Wie is die gehoor vir wie dit geskryf is? Met wie praat die skrywer? Watter kulturele faktore speel 'n rol? Word enige woorde of temas herhaal? Watter literêre middels (bv. beeldsprake, vergelykings) word gebruik?*

**A** STAAN VIR **APPLICATION (TOEPASSING)**

*Nadat jy nougeset waargeneem het wat in die Skrifgedeelte gebeur, bepaal wat die hoofboodskap of waarheid van hierdie gedeelte is.*

*Hoe kan jy hierdie waarheid in jou lewe toepas?*

*Wat moet jy vandag doen, in die lig van hierdie waarheid?*

*Applications*

SKRYF 1 OF 2 TOEPASSINGS UIT DIE VERSE NEER.

God het een man, Epafras, gebruik om 'n hele dorp te verander! Ek was daaraan herinner dat ons net geroep is om ander van Christus te vertel....... God sal die evangelie laat versprei..... om dit te laat groei en vrugte te dra. Ek voel dat vandag se verse direk spreek to EGG..."en net soos dit in die hele wêreld vrug voortbring en verder versprei, gebeur dit ook by Julle van die dag af dat Julle van God se genade gehoor het en dit leer ken het soos wat dit werklik is."

*Pray*

SKRYF 'N GEBED OOR WAT JY GELEER HET UIT VANDAG SE SKRIFGEDEELTE.

Liewe Here, help my asseblief om 'n "Epafras" te wees - om ander mense van U te vertel, en die resultate dan in U liefdevolle hande te los. Help my asseblief om dit wat ek gelees het, te verstaan en toe te pas in my persoonlike lewe, sodat ek elke dag meer en meer soos U kan word. Help my om 'n lewe te lei wat vrugte dra van geloof en liefde. Anker my hoop in die hemel, nie hier op die aarde nie. Help my om te onthou dat die BESTE nog voorlê!

**P** STAAN VIR **PRAYER (GEBED)**

*Bid God se Woord terug na Hom.*

*As Hy iets in hierdie tyd aan jou geopenbaar het, bid daaroor.*

*Bely enige sonde wat God geopenbaar het.*

*Bid oor die waarheid wat jy uit hierdie Skrifgedeelte geleer het.*



# LGG SJINEES GETUIENIS

YATING

Gebrokenheid, verraad, verlating, skande, minagting. Dis nie eintlik woorde wat 'n mens wil hê by jou moet opkom wanneer jy na die gebedskaart met jou gesinsfoto op jou yskas kyk nie. Dit was drie maande voordat ons amptelik as sendelinge by ons kerk aangestel sou word. Dit was 'n posisie wat baie hoog geag is; almal het in hulle skik gelyk met my gesin. Ek was in die wolke, met drie goedgeklede kinders. En toe het my prentjiemooi wêreld in duie gestort toe my man bely dat hy probleme met sonde in sy lewe het.

Ons tuisgemeente het ons bediening beëindig, en daar kon nie konsensus bereik word oor hoe ons, gesien in hierdie nuwe lig, behandel moes word nie. Uiteindelik moes ons die kerk verlaat. Ons het baie vriende verloor as gevolg van gerugte wat in die stad die ronde gedoen het. Dit was die donkerste jaar van ons lewe. Depressie en satan se leuens het gelei tot paniekaanvalle en selfmoordgedagtes. Dit was egter ook die begin van 'n genesende reis, waartydens ons streef daarna om eg te wees, om ons lewensverhale en ons verwonde harte te ondersoek.

Sedertdien het God groot dinge gedoen en was Hy goed vir ons gesin. Die belangrikste is dat God ons laat groei. Die vertaling van God se Woord deur *Love God Greatly* het my deur menige slapelose nagte gedra. My SOAP en vertaalwerk plaas God se Woord in my lewe, woord vir woord, toets vir toets.

Hebreërs 10:25 gee opdrag dat ons nie moet wegbly van die byeenkomste met medegelowiges nie. Terwyl ek besig was om hierdie vers vir ons *Jesus, ons alles* studie te vertaal, het dit my soos 'n weerligstraal getref. "*Maar God, ek het seer! Ek vertrou nie mense nie, en ek haat godsdienstige huigelaars!*" Dit is toe dat ek God deur sy Woord hoor sê, "*Yating, het jy My lief? Het Ek nie jou familie se sondes vergewe nie? As Ek het, moet jy ook, my kind.*"

Die waarheid is dat geen kerk of selfs familie, in enige land, daardie gevoel om te behoort kan gee wat God bedoel het dat ons net by Hom kan kry nie. Ek smag daarna om te behoort, om in die huis van die Here te bly (Ps 27:4). Geen kerk op aarde is volmaak nie, elke huis en gesin het probleme. Ek is deur beide verwond. As ons van hierdie stukkende kruike verwag om ons drange te bevredig, gaan ons onvermydelik teleurgestel word.

### Hoe om te bid vir die Love God Greatly Sjinese Tak:

*Bid dat kerke en kleingroepe LGG in hulle Bybelstudieleerplan sal opneem. Ons begeerte is dat gemeenskappe van vroue God se Woord saam sal bestudeer, en mekaar in sy Woord, in gemeenskap en Christen samehorigheid sal opbou.*

Beteken dit dat ons nie meer met gebroke siele in aanraking kom nie en God se kerke verwerp? Inteendeel! God wil juis hê dat ons moet oorleun in gebrokenheid, dat ons liefde en trou sal bewys en dat ons bedagsaam sal lewe voor ons God (Miga 6:8), en dan, al die seer en versugtinge voor sy troon bring, om te rus en in sy Waarheid bly.

Ons is gemaak vir gemeenskap, net soos die drie-enige God Self in voortdurende gemeenskap met sy Seun en die Heilige Gees is. O ja! Is ons nie almal gemaak om in gemeenskap met mekaar te wees nie? *Love God Greatly* bied daardie gemeenskap vir my. Dit stel my in staat om na Sjinese vroue oor die wêreld heen uit te reik, met die aanraking van een toets op 'n keer.

Ek is geseënd om deel te wees van hierdie bediening. Ek weet nie hoe groot die impak van die *Love God Greatly* Sjinese vertaling is nie, maar ek het die Here belowe dat ek daarmee sal aanhou, al sou daar net een vrou in die wêreld wees wat daarby baat.

***Om met die LGG Sjinese Tak te skakel:***

- facebook.com/LGGChinese
- lovegodgreatly.com/chinese

Ken jy iemand wat die *Love God Greatly* Bybelstudies in Sjinees kan benut? Maak dan seker dat jy hulle vertel van LGG Sjinees en al die wonderlike Bybelstudiehulpbronne wat ons voorsien om hulle met God se Woord te help toerus!

# VERLOS VAN SKANDE

*Vind Vryheid in Hom*

*Kom ons begin*

# INLEIDING

## VERLOS VAN SKANDE

Skande is slinks. Dit hou daarvan om weg te kruip en maak dat ons ook saam wil wegkruip en onsigbaar raak. Dit hou ons terug en laat ons ontoereikend voel. Dit breek ons selfvertroue en herinner ons graag aan ons tekortkominge.

Of ons dit nou wil erken of nie, die mag van skande raak almal van ons. Skande wil ons weerhou van die geloofsgevulde lewe wat God vir elkeen van ons beplan het. In plaas daarvan om ons potensiaal uit te leef, hou skande ons graag geklee in spyt, onsekerheid en twyfel. Skande is nie-diskriminerend. Dit val elkeen van ons aan, ongeag ons agtergrond, ouderdom of waar ons vandaan kom.

Genoeg is genoeg! Dit is tyd dat die skande in ons lewens die Een ontmoet wat ons van skande verlos.

Vir die volgende vier weke gaan ons elf verskillende verhale uit die Bybel bestudeer en uit die Skrif sien hoe God skande in hul lewens sowel as in ons eie bestry.

Ons sal sien hoe Adam en Eva, met God se hulp, geleer het om die skande van sonde af te weer en God se liefdevolle genade met ope arms aan te neem. Abraham en Sara het geleer om die skande van onvrugbaarheid te beveg en hulle het vertrou op God se verlossing toe hulle foute gemaak het. Moses het die skande van ontoereikendheid ervaar en het God vertrou om in sy lewe te werk, ondanks sy twyfel en onsekerheid. Naomi het geleer om haar skande weens vorige besluite te laat vaar en te vertrou dat God beter dinge in die toekoms beplan. Gideon het die skande van swakheid laat vaar en vertrou dat hy inderdaad die regte man vir die werk was, want wie God roep, rus Hy ook toe.

Elkeen van hierdie verhale sal ons wys hoe God die Een is wat ons van skande verlos. Hy het dit in die verlede gedoen en hy doen dit steeds in ons lewens vandag. Ons hoef nie slawe te wees van die mag van skande in ons lewens nie. God kan ons siklusse van skande deur sy krag verbreek. In hierdie studie sal ons jou wys hoe.

Dit is ons gebed dat God jou deur sy Woord sal toerus en bemoedig om die versoeking om skande in jou lewe te ervaar teen te staan en dat jy God se liefde, vergifnis en verlossing met ope arms sal aanneem. Ons bid dat vroue na hierdie studie hulle hoofde ‘n bietjie hoër kan hou, dat hulle vertroue sal kry om met vrymoedigheid vorentoe te gaan in geloof en dat hulle verstaan hoe baie God vir hulle is. Vriendin, kom ons veg saam terug teen die mag van skande en kom ons neem die vryheid aan wat ons in en deur Christus het - Hy is die Een wat ons van skande verlos! Ons is so opgewonde om hierdie kragtige studie saam met jou te begin!

# SOAP LEESPLAN

## WEEK 1

Maandag - Adam en Eva en die Skande van Sonde
Lees: Genesis 3:1-7, 11; Johannes 10:10
SOAP: Genesis 3:11; Johannes 10:10

Dinsdag - God Verwyder ons Skuld
Lees: Psalms 103:12-13
SOAP: Psalms 103:12-13

Woensdag - Abraham en Sara en die Skande van Onvrugbaarheid
Lees: Genesis 15:1-6; Genesis 16:1-5; Matteus 19:26
SOAP: Genesis 16:1-2; Matteus 19:26

Donderdag - 'n God wat Ons van Skande Verlos
Lees: Jesaja 54:1-4
SOAP: Jesaja 54:4

Vrydag - Moses en die Skande van Ontoereikendheid
Lees: Eksodus 4:10-17; Psalm 103:7-9; Jesaja 41:10
SOAP: Psalm 103:7-9; Jesaja 41:10

## WEEK 2

Maandag - Naomi en die Skande van Vorige Besluite
Lees: Rut 1; Jeremia 31:3-4
SOAP: Jeremia 31:3-4

Dinsdag - Ons Verlede is Vergewe
Lees: Romeine 8:1-2; Galasiërs 5:1
SOAP: Romeine 8:1-2

Woensdag - Gideon en die Skande van Swakheid
Lees: Rigters 6:11-18; 2 Korintiërs 10:3-5; Filippense 1:20
SOAP: Rigters 6:12; Filippense 1:20

Donderdag - Skoonheid in Gebrokenheid
Lees: Jesaja 50:7; 2 Korintiërs 4:10-12
SOAP: 2 Korintiërs 4:10-12

Vrydag - Mefiboset en die Skande van Gebrokenheid
Lees: 2 Samuel 9; Hebreërs 4:15-16
SOAP: 2 Samuel 9:7-8; Hebreërs 4:15-16

## WEEK 3

Maandag - Dawid en die Skande van Owerspel
Lees: 2 Samuel 11; Psalms 103:10-11
SOAP: Psalms 103:10-11

Dinsdag - Gelei tot Bekering
Lees: 2 Samuel 12:13; Romeine 3:23-24; 2 Korintiërs 7:10-11
SOAP: Romeine 3:23-24

Woensdag - Bartimeus en die Skande van Afhanklikheid
Lees: Markus 10:46-52; Psalms 121:1-2; Hebreërs 12:2
SOAP: Hebreërs 12:2

Donderdag - God het ‘n Doel
Lees: Johannes 9:3
SOAP: Johannes 9:3

Vrydag - Die Vrou wat aan Bloedvloeiing Gely het en die Skande van Siekte
Lees: Markus 5:25-34; Johannes 14:1; Jesaja 61:7
SOAP: Jesaja 61:7

## WEEK 4

Maandag - Die Vrou wat op Owerspel Betrap is en die Skande van Blootstelling
Lees: Johannes 8:1-11; Psalms 25:2; Kolossense 1:21-23
SOAP: Psalms 25:2; Kolossense 1:22

Dinsdag - God Maak ons Vry
Lees: Johannes 8:36; Efesiërs 1:7-8
SOAP: Efesiërs 1:7-8

Woensdag - Petrus en die Skande van Ontrouheid
Lees: Lukas 22:31-62; Johannes 21:7-19; 2 Timoteus 2:13
SOAP: Lukas 22:31-32

Donderdag - Weg met die Oue, In met die Nuwe
Lees: 2 Korintiërs 5:17
SOAP: 2 Korintiërs 5:17

Vrydag - God, die Een wat Ons van Skande Verlos
Lees: 2 Korintiërs 4:7-18
SOAP: 2 Korintiërs 4:15-18

# JOU DOELWITTE

Ons glo dat dit belangrik is om doelwitte neer te skryf vir hierdie studie. Neem nou tyd en skryf drie doelwitte neer waarop jy wil fokus soos jy elke dag opstaan en in God se Woord delf. Maak seker dat jy terugverwys na hierdie doelwitte tydens die volgende paar weke, om jou te help om gefokus te bly. Jy kan dit doen!

1.

2.

3.

Handtekening:

Datum:

# WEEK 1

*So ver as die ooste van die weste af is,*
*so ver verwyder Hy ons*
*oortredinge van ons af.*
*Soos 'n vader hom*
*ontferm oor sy kinders,*
*so ontferm die Here Hom oor*
*dié wat Hom dien.*

**PSALMS 103:12-13**

# GEBED

## SKRYF JOU GEBEDSVERSOEKE EN LOFPRYSINGS VIR ELKE DAG NEER.

Gebedsfokus vir hierdie week:
Spandeer tyd om vir jou familie te bid.

MAANDAG

DINSDAG

WOENSDAG

DONDERDAG

VRYDAG

# UITDAGING

Worstel jy met die skande van sonde, of met barheid in 'n sekere deel van jou lewe, of met gevoelens dat jy ontoereikend is? Skryf hierdie week 'n proklamasie uit en plaas dit in jou Bybel, op jou spieël in jou badkamer om elke oggend te lees terwyl jy regmaak vir die dag of op 'n kaartjie om in jou motor te plaas.

Ek sal nie meer skande voel oor ____________________ nie, want God ________________.

# MAANDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 1*

## *Genesis 3:1-7, 11*

1 Die slang was listiger as al die wilde diere wat deur die Here God gemaak is en het vir die vrou gevra: “Het God werklik gesê julle mag van geen boom in die tuin eet nie?”

2 Die vrou het die slang geantwoord: “Ons mag eet van die vrugte van die bome
in die tuin. 3 God het net gesê ons mag nie eet van die vrugte van die boom in die
middel van die tuin nie en ons mag dit nie aanraak nie, want dan sterf ons.”

4 Toe sê die slang vir die vrou: “Julle sal beslis nie sterf nie, 5 maar God weet dat
julle oë sal oopgaan die dag as julle van daardie boom eet en dan sal julle soos God wees deurdat julle alles kan ken.”

6 Toe besef die vrou dat die boom se vrugte goed is om te eet en mooi om na te kyk en begeerlik omdat dit kennis kan gee. En sy het van sy vrugte gepluk en
geëet. Sy het ook vir haar man by haar gegee, en hy het geëet. 7 Hulle altwee se oë
gaan toe oop, en hulle besef dat hulle kaal is. Toe werk hulle vyeblare aanmekaar en hang dit om vir klere.

11 Die Here God vra toe: “Hoe het jy te wete gekom dat jy kaal is? Het jy tog nie van die boom geëet waarvan Ek jou verbied het om te eet nie?”

## *Johannes 10:10*

10 ‘n Dief kom net steel en slag en uitroei; Ek het gekom sodat hulle die lewe kan hê, en dit in oorvloed.

# MAANDAG

LEES:
*Genesis 3:1-7, 11; Johannes 10:10*

SOAP:
*Genesis 3:11; Johannes 10:10*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2 TOEPASSINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED OOR WAT JY GELEER HET UIT VANDAG SE SKRIFGEDEELTE.

# MAANDAG

*Dagstukkies vir Week 1*

*SOAP*

GENESIS 3:11
DIE HERE GOD VRA TOE: “HOE HET JY TE WETE GEKOM DAT JY KAAL IS? HET JY TOG NIE VAN DIE BOOM GEËET WAARVAN EK JOU VERBIED HET OM TE EET NIE?”

JOHANNES 10:10
‘N DIEF KOM NET STEEL EN SLAG EN UITROEI; EK HET GEKOM SODAT HULLE DIE LEWE KAN HÊ, EN DIT IN OORVLOED.

*Oordenking*

Wonder jy ooit hoe lank Adam en Eva in die tuin gewoon het voor die sondeval? Was dit ‘n paar weke, ‘n paar maande of baie jare? Baie van ons dink dat ons beter sou gedoen het. Hoe moeilik is dit om van een boom af weg te bly? Maar verleiding is ‘n sterk trekkrag op die hart wat ons laat glo dat ons beter as God weet.

Die skande van sonde het in ‘n oogblik in die wêreld gekom. As gevolg van sonde het alles skeefgedraai. Die manier hoe ons met God en ander omgaan, die manier hoe ons onsself sien, hoe ons die wêreld sien, ons werksetiek, die keuse van ons woorde, dít wat in ons gedagtes omgaan - dit alles is deur sonde aangetas.

Met sonde kom skande. Skande veroorsaak dat ons sleg voel oor onsself. Dit veroorsaak dat ons ons foute wil wegsteek, wat dikwels daartoe lei dat ons net meer sonde doen. Die slegste deel is dat die skande van sonde ons dikwels van God af weghou. Ons bid nie meer so baie nie, ons lees nie sy Woord soos ons moet nie, ons bely nie ons sondes nie en miskien kom ons selfs nie meer saam met ander gelowiges bymekaar nie. Skande is kragtig. Daar is dae wanneer dit kan voel asof ons nooit van die kloue van skande kan wegkom nie. Wanneer jy die verdrukkende gewig van skande ervaar, onthou dat God sterker is. Hy het deur Jesus ‘n weg voorberei om terug te draai en Hy is gereed om jou tuis te verwelkom.

*Gebed*

Here, ek verstaan nie volkome hoe erg sonde is nie. Ek worstel met die aantrekkingskrag van my sondes en ek het skaamte daaroor. Help my Here! Wys my U weë is beter, U liefde is onvoorwaardelik en U krag kan die donkerste deel van my hart verander. Amen.

# DINSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 1*

*Psalms 103:12-13*

12 So ver as die ooste van die weste af is,
so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons af.
13 Soos ‘n vader hom ontferm oor sy kinders,
so ontferm die Here Hom oor dié wat Hom dien.

# DINSDAG

LEES:
*Psalms 103:12-13*

SOAP:
*Psalms 103:12-13*

*Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

*Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# DINSDAG

*Dagstukkies vir Week 1*

*SOAP*

PSALMS 103:12-13
SO VER AS DIE OOSTE VAN DIE WESTE AF IS,
SO VER VERWYDER HY ONS OORTREDINGE VAN ONS AF.
SOOS 'N VADER HOM ONTFERM OOR SY KINDERS,
SO ONTFERM DIE HERE HOM OOR DIÉ WAT HOM DIEN.

*Oordenking*

Sukkel jy ooit om te glo dat God jou waarlik vergewe het? Miskien sukkel jy om te glo dat God nie sondes uit jou verlede oor jou kop hou nie. Gelukkig spreek God dit aan in Psalm 103. Wanneer God ons vergewe, is dit asof daardie sondes so ver van ons af is as wat die ooste van die weste af is. Dit is nie dat God skielik vergeetagtig is nie, maar wel dat Hy nie daardie sondes teen ons hou nie. Jesus het vir ons gesterf en ons skuld is betaal - vir altyd.

God sal nie daardie sondes voor ons hou en betaling vereis nie.

Moenie dat sonde jou flous om te dink dat God jou nie vergewe het nie. Daar is geen sonde wat sterker as God is nie. Dit beteken dat sy liefde sterker is as enige oortreding wat jy kan begaan, sy medelye is dieper as enige skande wat jy ervaar en sy vergifnis bedek meer as enige sonde. Dit is barmhartigheid en genade.

*Gebed*

Here, u goedgunstigheid en barmhartigheid is waarlik ongelooflik. Dit is vir my so moeilik om ander te vergewe vir klein dingetjies en tog vergewe U elke enkele sonde wat ek doen omdat ek aan U behoort. Here, help my om vinnig berou te toon en om sonde te beveg deur die krag van die Heilige Gees. Amen.

# WOENSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 1*

## *Genesis 15:1-6*

1 Hierna het die woord van die Here in 'n gesig tot Abram gekom: "Moenie bang wees nie, Abram, Ek beskerm jou! Jou beloning sal baie groot wees."

2 Toe sê Abram: "Here my God, wat kan U vir my gee? Ek sal kinderloos sterf, en Eliëser die man uit Damaskus sal my besittings kry."
3 Abram het verder gesê: "U het nie vir my 'n nageslag gegee nie. 'n Slaaf uit my huis sal my erfgenaam wees."

4 Maar die woord van die Here het tot Abram gekom: "Daardie een sal nie jou erfgenaam wees nie. Een wat jou eie nasaat is, hy sal jou erfgenaam wees."
5 Toe het die Here vir Abram buitentoe laat gaan en vir hom gesê: "Kyk op na die hemel en tel die sterre as jy kan." Verder sê die Here vir hom: "So baie sal jou nageslag wees."

6 Abram het toe in die Here geglo, en die Here het dit goedgevind dat Abram so volgens die wil van die Here gehandel het.

## *Genesis 16:1-5*

1 Sarai het nog nie vir haar man Abram 'n kind in die wêreld gebring gehad nie. Sy het 'n Egiptiese slavin met die naam Hagar gehad.
2 Toe sê Sarai vir Abram: "Die Here het my nou eenmaal daarvan weerhou om kinders te kan hê. Gaan slaap by my slavin. Miskien bring sy 'n kind in die wêreld wat my eie kan word." En Abram het saamgestem met sy vrou.

3 Abram was al tien jaar in Kanaän toe Sarai, die vrou van Abram, self vir Hagar, haar Egiptiese slavin, gevat en vir haar man Abram as vrou gegee het.
4 Hy het by Hagar gaan slaap, en sy het swanger geword. Toe sy agterkom sy is swanger, het sy haar eienares geminag.
5 Toe sê Sarai vir Abram: "Jy dra die skuld vir hierdie onreg wat ek moet verduur. Ek het my slavin vir jou gegee om met haar gemeenskap te hê, en noudat sy agterkom sy is swanger, minag sy my. Mag die Here hierdie saak tussen my en jou uitwys."

## *Matteus 19:26*

26 Jesus het reguit na hulle gekyk en gesê: "Vir mense is dit onmoontlik, maar vir God is alles moontlik."

# WOENSDAG

LEES:
*Genesis 15:1-6; Genesis 16:1-5; Matteus 19:26*

SOAP:
*Genesis 16:1-2; Matteus 19:26*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# WOENSDAG

*Dagstukkies vir Week 1*

*SOAP*

GENESIS 16:1-2
SARAI HET NOG NIE VIR HAAR MAN ABRAM 'N KIND IN DIE WÊRELD GEBRING GEHAD NIE. SY HET 'N EGIPTIESE SLAVIN MET DIE NAAM HAGAR GEHAD. TOE SÊ SARAI VIR ABRAM: "DIE HERE HET MY NOU EENMAAL DAARVAN WEERHOU OM KINDERS TE KAN HÊ. GAAN SLAAP BY MY SLAVIN. MISKIEN BRING SY 'N KIND IN DIE WÊRELD WAT MY EIE KAN WORD." EN ABRAM HET SAAMGESTEM MET SY VROU.

MATTEUS 19:26
JESUS HET REGUIT NA HULLE GEKYK EN GESÊ: "VIR MENSE IS DIT ONMOONTLIK, MAAR VIR GOD IS ALLES MOONTLIK."

*Oordenking*

Dit het gelyk of die diepe begeerte van Sara se hart nooit 'n werklikheid sou word nie. Sy het gewag en gewag en ten spyte daarvan dat God belowe het dat Hy aan haar 'n seun sou gee, moes sy nog God se belofte sien waar word.

Sara het die saak in eie hande geneem. Ons weet nie of haar besluit om haar diensmaagd Hagar, aan Abraham te gee om sy kinders te baar, uit skande, vrees, ongeloof of frustrasie was nie. Ongeag van haar denke, Sara het besluit dat haar manier van dinge doen, beter was as God s'n. In plaas van om staat te maak op sy belofte en sy karakter, het sy staatgemaak op haar eie vermoë om die situasie te beheer.

Waaneer ons oorwelding is deur skande, kan dit veroorsaak dat ons geloof verloor in God se beloftes. Wanneer ons iets van God verlang ('n man, 'n kind, 'n werk, 'n gesonde liggaam) en ons sien nie dat Hy antwoord nie, kan ons vinnig ontmoedig word en bang word dat Hy nooit vir ons sal gee wat ons so desperaat begeer nie. In plaas van om toe te laat dat skande of vrees beheer oorneem, kom ons kies om God se beloftes te glo. Hy het nie belowe om vir ons presies te gee waarvoor ons vra nie, maar Hy het belowe dat Hy met ons sal wees, Hy sal vir ons voorsien en Hy sal ons troos in al ons beproewinge. Ons kan sy karakter vertrou.

*Gebed*

Here, help my om krag in U te vind te midde van my worstelinge. Wys my asseblief dat U wondere kan verrig in my onvrugbaarheid, op die spesifieke manier waarop dit in my lewe wys. Gee vir my tervredenheid met wat U my gegee het. Help my om u glorie in alles te sien. Amen.

# DONDERDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 1*

*Jesaja 54:1-4*

1 Jubel, onvrugbare vrou,
jy wat geen kinders
in die wêreld gebring het nie,
jubel en juig,
jy wat geen geboortepyne geken het nie,
want jy, verstote vrou,
gaan nou meer kinders hê
as een wat getroud is, sê die Here.
2 Maak groter die plek vir jou tent,
maak breër jou tentdoeke,
moenie suinig daarmee werk nie.
Maak langer die tentlyne
en slaan die tentpenne dieper in,
3 want jy sal na alle kante toe uitbrei;
jou nageslag sal nasies verdryf
en in die stede wat nou verwoes is, gaan woon.
4 Moenie bang wees nie,
jy sal nie weer in die skande kom nie,
moenie so verleë daar staan nie,
jy sal nie weer verneder word nie.
Jy sal die skande uit jou jong dae vergeet,
en nie meer dink hoe jy verneder is
toe jy ‘n weduwee was nie.

# DONDERDAG

LEES:
*Jesaja 54:1-4*

SOAP:
*Jesaja 54:4*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# DONDERDAG

*Dagstukkies vir Week 1*

*SOAP*

JESAJA 54:4
MOENIE BANG WEES NIE, JY SAL NIE
WEER IN DIE SKANDE KOM NIE,
MOENIE SO VERLEË DAAR STAAN NIE,
JY SAL NIE WEER VERNEDER WORD NIE.
JY SAL DIE SKANDE UIT JOU JONG DAE VERGEET
EN NIE MEER DINK HOE JY VERNEDER IS TOE JY 'N
WEDUWEE WAS NIE.

*Oordenking*

Dit is goed om te huil vir dít wat jy graag wou hê, maar nog nie ontvang het nie. Vir sommige kan dit 'n huweliksmaat wees, vir ander kan dit die lewe wees wat jy beplan het, of miskien is dit 'n verlange na 'n huis vol kinders of vir 'n vriend om die Here te ken. Dit is goed om oor hierdie dinge te huil. Maar selfs in ons verlange kan ons juig en die Here prys vir wat Hy ons gegee het.

Hierdie lewe is moeilik. Dit is gevul met teleurstelling, verlies, swaarkry en hartseer. Maar onse God is die God wat verlos. Hy verlos ons teleurstellings en ons skande. Daar sal 'n dag kom wanneer alles reggemaak sal word, wanneer die getroues beloon sal word, wanneer God se kinders bedek sal wees in vrede en rus. Ons skande sal nie wen nie. Ons dien 'n God wat verlos.

*Gebed*

Here, U is goed vir u kinders. Alhoewel ek nie altyd u goedheid herken nie, glo ek dat u goed is. As ek oorweldig word, help my om verby my omstandighede te kyk na die hoop en die toekoms wat ek in U het. In Jesus se naam, amen.

# VRYDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 1*

## *Eksodus 4:10-17*

10 Toe sê Moses vir die Here: "Ag, Here, ek kan nie goed praat nie; ek kon nie
vroeër nie en ek kan ook nie nou nie, hier waar U met my praat nie. Ek praat
swaar, en my tong sukkel."

11 Daarna sê die Here vir hom: "Wie het aan die mens 'n mond gegee? Wie maak
stom of doof of siende of blind? Is dit nie Ek, die Here, nie? 12 Gaan nou, Ek sal
jou help met die praat en jou leer wat jy moet sê."

13 Maar Moses antwoord: "Asseblief tog, Here, stuur liewer iemand anders."

14 Toe word die Here kwaad vir Moses en sê: "Aäron die Leviet is mos jou broer,
en Ek weet hy kan sy woord goed doen. Hy is al op pad om jou te ontmoet en hy
sal bly wees om jou weer te sien.

15 Praat met hom en sê vir hom wat om te sê. Ek sal by jou wees as jy praat en by
hom as hy praat en Ek sal julle leer wat om te doen. 16 Wanneer hy namens jou
met die volk praat, is hy jou segsman en jy die een wat hom sy opdragte gee. 17
Hou nou die kierie waarmee jy die tekens moet gaan doen, by jou."

## *Psalms 103:7-9*

7 Aan Moses het Hy sy wil bekend gemaak,
aan Israel wat Hy van plan was om te doen.
8 Barmhartig en genadig is die Here,
lankmoedig en vol liefde.
9 Hy sal ons ons sonde nie bly toereken
en nie vir ewig toornig bly nie.

## *Jesaja 41:10*

10 Moenie bang wees nie, Ek is by jou,
moenie bekommerd wees nie, Ek is jou God.
Ek versterk jou,
Ek help jou,
Ek hou jou vas,
met my eie hand red Ek jou.

# VRYDAG

LEES:
*Eksodus 4:10-17; Psalm 103:7-9; Jesaja 41:10*

SOAP:
*Psalm 103:7-9; Jesaja 41:10*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# VRYDAG

*Dagstukkies vir Week 1*

*SOAP*

PSALM 103:7-9
AAN MOSES HET HY SY WIL BEKEND GEMAAK,
AAN ISRAEL WAT HY VAN PLAN WAS OM TE DOEN.
BARMHARTIG EN GENADIG IS DIE HERE,
LANKMOEDIG EN VOL LIEFDE.
HY SAL ONS ONS SONDE NIE BLY TOEREKEN
EN NIE VIR EWIG TOORNIG BLY NIE.

JESAJA 41:10
MOENIE BANG WEES NIE, EK IS BY JOU,
MOENIE BEKOMMERD WEES NIE. EK IS JOU GOD.
EK VERSTERK JOU, EK HELP JOU, EK HOU JOU VAS,
MET MY EIE HANDE RED EK JOU.

*Oordenking*

Moses se gevoel van ontoereikendheid was niks nuuts nie, en duisende jare later worstel God se volk steeds met die gevoel dat ons nie genoeg is nie. Dit kan op elke gebied van ons lewens gebeur, veral as ons voel dat ons roeping te veel is of dat die werk te oorweldigend is. Maar, soos Moses, kan ons onthou wie ons aanmekaargeweef het in die moederskoot.

Wie ken ons beperkings? Wie ken ons sterk en swak punte? God ken al hierdie dinge dieper as wat ons ooit kan verstaan. Sy kennis van ons is nie net diep nie, Hy het ook belowe dat Hy ons nooit sal verlaat nie, en Hy sal ons die krag gee om sy wil te doen.

Ons kan gerus wees dat Hy by ons sal wees om ons te help en te lei, krag en wysheid te gee en ons te vertroos en vreugde te gee. Ons hoef nie die skande van ontoereikendheid te voel nie, want in Jesus is ons meer as genoeg.

*Gebed*

Here, U is vrygewig en barmhartig. In my swakheid gee U krag, in my dwaasheid bring U wysheid, in my nood bied U vertroosting. Help my om na U te kyk, want U ken my beter as wat ek myself ken en alles wat ek nodig het, is in U. Amen.

# OORDENKINGSVRAE

1. Skande fluister vir jou leuens en veroorsaak dat jy wil wegkruip. Noem ‘n paar leuens wat jy die afgelope tyd gehoor het.

2. Waarom is dit so belangrik om te begryp dat God ons sondes verwyder so ver as die ooste van die weste af is? Wanneer raak die ooste en die weste aan mekaar?

3. Ons almal worstel soms met gevoelens van ontoereikendheid, dat ons op een of ander manier gebroke is, nie vrug dra nie of dat ons ‘n tekortkoming het aan iets wat ons diep begeer. Waaraan herinner Jesus ons in Matteus 19:26? Hoe bemoedig dit jou hart?

4. Die skande wat ons ervaar, kan ons bang maak of verneder laat voel. Watter bemoediging vind ons in Jesaja 54:4?

5. Ons sien herhaaldelik in die Bybel dat mense twyfel oor die roeping wat God in hulle lewens het en Moses was geen uitsondering nie. Wat openbaar Jesaja 41:10 oor God en sy roeping vir ons lewens?

# NOTAS

# NOTAS

# WEEK 2

*Die Hoëpriester wat ons het, is nie Een wat geen medelye met ons swakhede kan hê nie; Hy was immers in elke opsig net soos ons aan versoeking onderwerp, maar Hy het nie gesondig nie. Kom ons gaan dan met vrymoedigheid na die genadetroon, sodat ons barmhartigheid en genade ontvang en so op die regte tyd gered kan word.*

**HEBREËRS 4:15-16**

# GEBED

## SKRYF JOU GEBEDSVERSOEKE EN LOFPRYSINGS VIR ELKE DAG NEER.

Gebedsfokus vir hierdie week:
Spandeer tyd om vir jou land te bid.

MAANDAG

DINSDAG

WOENSDAG

DONDERDAG

VRYDAG

# UITDAGING

Ons het almal al geworstel met besluite uit die verlede, swakheid in verskillende areas van ons lewens en gebrokenheid. Skryf hierdie week 'n paar van die verse wat die meeste tot jou gespreek het neer in 'n notaboekie of in die notas gedeelte van jou joernaal. Memoriseer hierdie verse en begin om die krag van skande te verbreek soos jy God se waarheid in jou lewe toepas.

# MAANDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 2*

## *Rut 1*

1 In die tyd van die leiers was daar op ‘n keer hongersnood in die land, en ‘n man
met sy vrou en sy twee seuns het uit Betlehem in Juda weggetrek om ‘n heenkome
te soek in die gebied van Moab. 2 Die man was Elimelek, sy vrou Naomi, en
sy twee seuns Maglon en Kiljon. Hulle was afkomstig uit Efrata in Betlehem in
Juda. Hulle het in Moab aangekom en hulle daar gevestig. 3 Toe Naomi se man,
Elimelek, sterf, het sy en haar twee seuns alleen agtergebly. 4 Die twee seuns het
later getrou met die Moabitiese meisies Orpa en Rut. Naomi en haar twee seuns
het omtrent tien jaar in Moab gebly. 5 Toe haar twee seuns Maglon en Kiljon
ook sterf, het sy alleen agtergebly sonder haar seuns en sonder haar man. 6 Toe sy
verneem dat die Here vir sy volk uitkoms gebring het deur vir hulle ‘n goeie oes te
gee, het sy en haar skoondogters klaargemaak om van Moab af terug te gaan.

7 Sy en haar skoondogters het saam vertrek uit die plek waar hulle gebly het, op
pad na Juda toe. 8 Toe sê Naomi vir haar twee skoondogters: “Julle moet liewer
teruggaan na julle ouerhuise toe. Mag die Here sy liefde aan julle bewys, soos julle
aan die oorledenes en aan my liefde bewys het. 9 Mag die Here vir julle elkeen
weer ‘n goeie man en ‘n heenkome gee.” Toe sy van hulle wou afskeid neem, het
hulle begin huil 10 en vir haar gesê: “Nee, ons wil met Ma saamgaan na Ma se volk
toe.”

11 Maar Naomi het weer vir hulle gesê: “Gaan terug, my dogters. Waarom sou
julle saam met my wou kom? Het ek nog enige hoop om seuns in die wêreld
te bring, sodat julle met hulle sou kon trou? 12 Gaan asseblief maar terug, my
dogters, ek is te oud om weer te trou; selfs al sou ek sê daar is nog hoop vir my,
al sou ek vannag by ‘n man slaap, al sou ek nog seuns in die wêreld bring, 13 sou
julle kon wag tot hulle groot is? Sou julle julle ondertussen daarvan kon weerhou
om te trou? Dit is onmoontlik, my dogters. Nee, my lot is swaarder as julle s’n: die
Here het teen my gedraai.”

14 Toe het Naomi se skoondogters weer begin huil., en Orpa het van haar afskeid
geneem, maar Rut het by haar gebly. 15 Toe sê Naomi: “Kyk, jou skoonsuster het
teruggegaan na haar volk en na haar gode toe. Gaan jy nou ook saam met haar
terug.” 16 Maar Rut het geantwoord:

“Moet my tog nie dwing om van u af weg te gaan en om om te draai nie,
want waar u gaan, sal ek gaan;
waar u bly, sal ek bly;
u volk is my volk;
u God is my God;

17 waar u sterf, sal ek sterf en daar sal ek begrawe word. Ek lê ‘n eed af voor die
Here: net die dood sal ons skei.”

18 Naomi het besef dat Rut vasbeslote was om saam met haar te gaan en sy het
opgehou om haar te probeer ompraat. 19 Hulle twee is toe saam na Betlehem toe.

Met hulle aankoms in Betlehem was daar groot opgewondenheid in die stad, en
die vrouens het gesê: “Maar dis mos Naomi!” 20 Hierop het Naomi vir hulle gesê:
“Moet my asseblief nie meer Naomi noem nie, noem my Mara, want die Almagtige
het die lewe vir my baie bitter gemaak. 21 My lewe was vol toe ek hier weg is,

maar die Here het my leeg laat terugkom. Waarom noem julle my nog Naomi? Die Here het dan teen my gedraai, die Almagtige het 'n ramp oor my gebring." 22 So het Naomi uit Moab teruggekom en Rut, haar Moabitiese skoondogter, was by haar. Hulle het in Betlehem aangekom aan die begin van die garsoes.

*Jeremia 31:3-4*

3 Van veraf het die Here Hom aan Israel bekend gemaak:
Ek het jou nog altyd liefgehad,
daarom het Ek jou met geduld verdra.
4 Ek sal aan jou kinders gee, Israel,
jy sal kinders in die wêreld bring.
Jy sal weer jou tamboeryne dra,
jy sal uitgaan om te dans saam met dié wat bly is.

# MAANDAG

LEES:
*Rut 1; Jeremia 31:3-4*

SOAP:
*Jeremia 31:3-4*

*Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

*Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# MAANDAG

*Dagstukkies vir Week 2*

*SOAP*

JEREMIA 31:3-4
VAN VER AF HET DIE HERE HOM AAN ISRAEL BEKEND GEMAAK: EK HET JOU NOG ALTYD LIEFGEHAD, DAAROM HET EK JOU MET GEDULD VERDRA. EK SAL AAN JOU KINDERS GEE, ISRAEL, JY SAL KINDERS IN DIE WÊRELD BRING. JY SAL WEER JOU TAMBOERYNE DRA, JY SAL UITGAAN OM TE DANS SAAM MET DIÉ WAT BLY IS.

*Oordenking*

Naomi het 'n verlede gehad wat gevul was met verlies. Haar verlede was moeilik; haar man en seuns is op 'n jong ouderdom oorlede en sy het alleen agtergebly. Haar lewe, wat eens vol was, was skielik dolleeg. Sy het met haar skoondogter Rut as enigste metgesel na haar tuisdorp teruggekeer.

Die woorde van Jeremia herinner ons daaraan dat, selfs wanneer ons ver van God af voel, wanneer dit voel asof Hy ons verlaat het of ongeluk oor ons laat kom het, Hy steeds aan die werk is. Hy is altyd lief vir ons en poog altyd om ons harte terug te bring na Hom. Hy is 'n God wat herstel, herbou en verlos, ongeag ons omstandighede.

God is altyd aan die werk, veral in die lewens van gelowiges, en gebruik gebeure, mense, verliese, mislukkings en ander ontberinge ten goede. Selfs al het dit haar 'n tydjie geneem om dit te sien, het God Naomi met sy goedheid oorlaai. Sy genade het haar skande bedek, haar lewe herstel en haar meer gegee as wat sy ooit kon dink.

*Gebed*

Here, U is 'n goeie God wat alles neem wat ek het, sowel die goeie as die slegte, om dit tot my beswil en u eer te gebruik. Ek verstaan miskien nie hoe U werk nie, maar help my om te vertrou dat dit waar is. Amen.

# DINSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 2*

*Romeine 8:1-2*

1 Daar is dus nou geen veroordeling vir dié wat in Christus Jesus is nie. 2 Die wet van die Gees wat aan jou in Christus Jesus die lewe gee, het jou vrygemaak van die wet van sonde en dood.

*Galasiërs 5:1*

1 Christus het ons vrygemaak om werklik vry te wees. Staan dan vas in hierdie vryheid en moet julle nie weer onder ‘n slawejuk laat indwing nie.

# DINSDAG

LEES:
*Romeine 8:1-2; Galasiërs 5:1*

SOAP:
*Romeine 8:1-2*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# DINSDAG

*Dagstukkies vir Week 2*

*SOAP*

ROMEINE 8:1-2
DAAR IS DUS NOU GEEN VEROORDELING VIR DIÉ WAT IN CHRISTUS JESUS IS NIE. DIE WET VAN DIE GEES WAT AAN JOU IN CHRISTUS JESUS DIE LEWE GEE, HET JOU VRYGEMAAK VAN DIE WET VAN SONDE EN DOOD.

*Oordenking*

Romeine 8:1-2 bevat miskien van die mooiste woorde in die hele Skrif. Dit beteken dat Jesus jou hele verlede geneem het, die boete namens jou betaal het en jou nou as regverdig beskou. Jy het ‘n skoon lei; elke dag is ‘n nuwe begin.

Daar is aardse gevolge vir ons optrede en woorde, maar ons siele word nie meer veroordeel nie; die toorn van God brand nie teenoor ons nie. Jesus het dit alles reeds hanteer. Dit hou geen krag nie. Moenie toelaat dat jou verlede jou beheer nie. As Jesus jou vergewe het, kan jy jouself vergewe. Wanneer ons vol vertroue voor God kan staan, vol vertroue in sy vergifnis, kan ons vergifnis en genade aan ander bied.

Ons verlede is vergewe, ongeag wat daarin mag lê. Ons kan rus in die vryheid wat ons in Christus het. Ons word nie met skande bedek nie, want Christus het ons skande vir ons gedra. Ons kan leef in die vertroue dat ons vry is van sonde, terwyl ons vasstaan teen versoeking, omdat ons sy vryheid ontvang het.

*Gebed*

Here, ek weet dat U my sondes vergewe het, tog sukkel ek steeds met ongeloof wanneer ek dink aan sommige van die verskriklike dinge wat ek gedoen en gesê het. Help my om te glo dat U groter is as my sonde en dat u vergifnis geheel en al volkome is. Amen.

# WOENSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 2*

## *Rigters 6:11-18*

11 Daarna het 'n Engel van die Here gaan sit onder die groot boom in Ofra wat
behoort het aan Joas die Abiësriet. Sy seun Gideon was besig om koring uit te
slaan in 'n parskuip waar hy weggekruip het vir die Midianiete. 12 Die Engel van
die Here het aan hom verskyn en vir hom gesê: "Die Here is by jou, dapper man!"
13 Maar Gideon het vir die Engel gesê: "Ekskuus, Meneer, maar as die Here by
ons is, waarom kom al hierdie dinge oor ons? Waar is al sy magtige dade waarvan
ons voorvaders ons vertel het toe hulle gesê het: 'Het die Here ons nie uit Egipte
bevry nie?' Nou het die Here ons in die steek gelaat: Hy het ons oorgegee in die
mag van die Midianiete." 14 Toe het die Here na Gideon toe gedraai en vir hom
gesê: "Gaan met die krag wat jy het en gaan red die Israeliete uit die mag van die
Midianiete! Toe, Ek stuur jou!" 15 Maar Gideon sê vir Hom: "Ekskuus, Meneer,
waarmee sal ek die Israeliete gaan red? Die familie waaraan ek behoort, is die
armste in die hele Manasse, en van my pa se kinders het ek die minste aansien." 16
Die Here het hom geantwoord: "Ek is by jou, en jy sal die Midianiete verslaan asof
hulle nie meer as een is nie." 17 Gideon het vir Hom gesê: "As U so vriendelik wil
wees, doen tog vir my 'n wonder dat ek seker kan wees dit is U, Here, wat met my
praat! 18 Moenie hiervandaan af padgee nie dat ek tog net gou 'n offer voor U kan
kom neersit." Toe sê die Here: "Ek sal wag tot jy terug is."

## *2 Korintiërs 10:3-5*

3 Natuurlik leef ons in 'n menslike liggaam, maar ons voer nie die stryd met
menslike wapens nie. 4 Die wapens van ons stryd is nie die wapens van die mens
nie, maar die kragtige wapens van God wat vestings kan vernietig. Daarmee
vernietig ons die redenasies 5 en elke hooghartige aanval wat teen die kennis van
God gerig word. Ons neem elke gedagte gevange om dit aan Christus gehoorsaam
te maak.

## *Filippense 1:20*

20 Dit is my vurige verlange, en daarna sien ek uit, dat ek niks sal doen
waaroor ek my sal hoef te skaam nie. Ek wil ook nou, soos nog altyd, met alle
vrymoedigheid deur my hele wese Christus verheerlik in lewe en in sterwe,

# WOENSDAG

LEES:
*Rigters 6:11-18; 2 Korintiërs 10:3-5; Filippense 1:20*

SOAP:
*Rigters 6:12; Filippense 1:20*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2 TOEPASSINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED OOR WAT JY GELEER HET UIT VANDAG SE SKRIFGEDEELTE.

# WOENSDAG

*Dagstukkies vir Week 2*

*SOAP*

RIGTERS 6:12
DIE ENGEL VAN DIE HERE HET AAN HOM VERSKYN EN VIR HOM GESÊ: "DIE HERE IS BY JOU, DAPPER MAN!"

FILIPPENSE 1:20
DIT IS MY VURIGE VERLANGE, EN DAARNA SIEN EK UIT, DAT EK NIKS SAL DOEN WAAROOR EK MY SAL HOEF TE SKAAM NIE. EK WIL OOK NOU, SOOS NOG ALTYD, MET ALLE VRYMOEDIGHEID DEUR MY HELE WESE CHRISTUS VERHEERLIK IN LEWE EN IN STERWE,

*Oordenking*

God het 'n groot roeping vir Gideon gehad, maar Gideon het nie opgewasse gevoel vir hierdie taak nie. Hy was oorweldig deur sy swakheid en sy beperkings. Hoe kon hy alles doen wat God van hom gevra het? Ek is seker ons het almal al een of ander tyd so gevoel.

Ons word geroep om moeilike dinge te doen, van ouerskap, tot die huwelik, tot vriendskap, tot 'n goddelike lewe in 'n goddelose wêreld. Al hierdie dinge is uitdagend en openbaar ons swakhede en beperkings. Ons kan enigiets wat Hy van ons vra met selfvertroue benader, in die wete dat Hy by ons is en reeds voor ons uitgegaan het.

God het belowe om by Gideon te wees, en Hy belowe dieselfde vir ons. Hy is met ons om ons krag te gee wanneer ons moeg voel, wysheid te gee wanneer ons nie weet wat om te doen nie. Hy is naby, sodat ons tot Hom kan roep, Hom kan loof en ons verwarring met Hom kan deel. Hy is altyd daar, altyd gereed om te help en altyd gereed om te troos.

*Gebed*

Here, U is altyd naby my, tog vergeet ek dit. Ek verstaan nie regtig wat dit beteken nie, maar ek kan U vertrou. Help my om die gawe van u nabyheid te sien. Help my om my krag in U te vind, sodat ek die dinge waarvoor U my geroep het, met selfvertroue kan doen. Amen.

# DONDERDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 2*

*Jesaja 50:7*

7 Die Here my God help my,
ek sal nie teleurgestel staan nie;
ek sal my nie ontstel nie,
ek weet ek sal nie in verleentheid kom nie.

*2 Korintiërs 4:10-12*

10 Die sterwe van Jesus dra ons altyd saam in ons liggaam, sodat ook die lewe van
Jesus sigbaar kan word in ons liggaam. 11 Voorturend word ons wat lewe, ter wille
van Jesus uitgelewer aan die dood, sodat ook in ons sterflike bestaan die lewe van
Jesus sigbaar kan word. 12 Dit beteken dat in ons die dood aan die werk is, maar
in julle die lewe.

# DONDERDAG

LEES:
*Jesaja 50:7; 2 Korintiërs 4:10-12*

SOAP:
*2 Korintiërs 4:10-12*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# DONDERDAG

*Dagstukkies vir Week 2*

*SOAP*

2 KORINTIËRS 4:10-12
DIE STERWE VAN JESUS DRA ONS ALTYD SAAM IN ONS LIGGAAM, SODAT OOK DIE LEWE VAN JESUS SIGBAAR KAN WORD IN ONS LIGGAAM. VOORTDUREND WORD ONS WAT LEWE, TER WILLE VAN JESUS UITGELEWER AAN DIE DOOD, SODAT OOK IN ONS STERFLIKE BESTAAN DIE LEWE VAN JESUS SIGBAAR KAN WORD.

*Oordenking*

Glo dit of nie, daar is skoonheid in ons gebrokenheid. Selfs in ons mislukking is daar skoonheid te vind omdat God red. Hy neem ons en verander ons, sodat ons geleidelik meer lyk soos ons Verlosser. Soos Hy ons herstel, werk Hy deur ons, en so word sy krag vertoon. Ons kan moeilike dinge doen omdat Hy ons sy krag gee, ons kan vrede ervaar te midde van die swaarkry, omdat Hy ons sy vrede gee. Alles wat ons kortkom, voorsien Hy.

Ons is miskien gebroke, maar ons is nie verlore nie. Ons is geliefd en genees, ons word versorg en verander. Ons gebrokenheid is soms oorweldigend, maar God is groter, en Hy kan ons van ons gebrokenheid verlos.

Om die dood van Christus in ons te dra, beteken om te leef met die konstante wete van wat Hy vir ons gedoen het. Hy woon in ons deur die Heilige Gees en gee ons dieselfde oorwinning oor sonde en dood as wat Hy gehad het toe God Hom uit die dood opgewek het. Sy lewe en krag werk elke dag in ons, in elke omstandigheid.

*Gebed*

Here, ek is verbaas oor U liefde vir die gebrokenes. U het baie gedoen om my te red en nou werk U om u beeld in my te herstel. Help my om dankbaar te wees vir my gebrokenheid en op U te steun vir alles wat ek nodig het. Amen.

# VRYDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 2*

## *2 Samuel 9*

1 Op 'n dag het Dawid gevra: "Het daar nie miskien iemand uit Saul se familie
oorgebly nie?  Ek sou hom graag onder my sorg wil neem ter wille van Jonatan."

2 Hulle het toe vir Siba, 'n amptenaar van Saul se hofhouding na hom toe laat
roep. "Is jy Siba?" vra die koning hom. Hy antwoord: "Ek is u onderdaan." 3 "Is
daar nie miskien iemand uit Saul se familie oor nie?" wou die koning weet. "Ek wil
hom 'n besondere guns bewys."

"Daar is nog 'n kreupel seun van Jonatan," was Siba se antwoord aan die koning.
4 "Waar is hy?" vra die koning hom toe, en hy het geantwoord: "Hy is in die huis
van Ammiël se seun Makir in Lo-Dabar."

5 Koning Dawid het hom toe laat haal uit Makir se huis in Lo-Dabar. 6 Toe
Mefiboset seun van Saul se seun Jonatan by Dawid kom, het hy op sy knieë geval
voor Dawid en gebuig. "Mefiboset?" vra Dawid. "Ek is u onderdaan," antwoord hy.

7 Dawid sê vir hom: "Moenie bekommerd wees nie, want ek het besluit om jou
onder my sorg te neem ter wille van Jonatan jou pa. Ek gaan al die grond van jou
oupa Saul aan jou teruggee, en boonop sal jy van nou af by my aan huis eet." 8 Hy
het weer voor Dawid gebuig en gesê: "Wat is ek tog dat u aandag gee aan 'n dooie
hond soos ek?"

9 Dawid het vir Siba die amptenaar van Saul geroep en hom beveel: "Alles wat aan
Saul en sy familie behoort het, gee ek aan sy kleinseun. 10 Jy en jou seuns en jou
slawe moet vir hom die lande bewerk en die oes insamel sodat daar kos kan wees
vir sy huishouding, en sodat hulle kan eet. Maar Mefiboset die kleinseun van Saul
sal van nou af by my aan huis eet."

Siba het vyftien seuns en twintig slawe gehad.

11 Hy het die koning geantwoord: "Ek is u onderdaan, ek sal doen net soos die
koning my beveel het, en Mefiboset sal by u aan huis eet soos u eie kind."

12 Mefiboset het 'n klein seuntjie gehad wie se naam Miga was. Die hele
huishouding van Siba moes vir Mefiboset bedien. 13 Mefiboset, wie se voete
gebreklik was, het in Jerusalem gebly, want hy het van toe af by die koning aan
huis geëet.

## *Hebreërs 4:15-16*

15 Die hoëpriester wat ons het, is nie Een wat geen medelye met ons swakhede
kan hê nie; Hy was immers in elke opsig net soos ons aan versoeking onderwerp,
maar Hy het nie gesondig nie. 16 Kom ons gaan dan met vrymoedigheid na die
genadetroon, sodat ons barmhartigheid en genade ontvang en so op die regte tyd
gered kan word.

# VRYDAG

LEES:
*2 Samuel 9; Hebreërs 4:15-16*

SOAP:
*2 Samuel 9:7-8; Hebreërs 4:15-16*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# VRYDAG

*Dagstukkies vir Week 2*

*SOAP*

2 SAMUEL 9:7-8
DAWID SÊ VIR HOM: "MOENIE BEKOMMERD WEES NIE, WANT EK HET BESLUIT OM JOU ONDER MY SORG TE NEEM TER WILLE VAN JONATAN JOU PA. EK GAAN AL DIE GROND VAN JOU OUPA SAUL AAN JOU TERUGGEE, EN BOONOP SAL JY VAN NOU AF BY MY AAN HUIS EET." HY HET WEER VOOR DAWID GEBUIG EN GESÊ: "WAT IS EK TOG DAT U AANDAG GEE AAN 'N DOOIE HOND SOOS EK?"

HEBREËRS 4:15-16
DIE HOËPRIESTER WAT ONS HET, IS NIE EEN WAT GEEN MEDELYE MET ONS SWAKHEDE KAN HÊ NIE; HY WAS IMMERS IN ELKE OPSIG NET SOOS ONS AAN VERSOEKING ONDERWERP, MAAR HY HET NIE GESONDIG NIE. KOM ONS GAAN DAN MET VRYMOEDIGHEID NA DIE GENADETROON, SODAT ONS BARMHARTIGHEID EN GENADE ONTVANG EN SO OP DIE REGTE TYD GERED KAN WORD.

*Oordenking*

Sonde is die rede waarom daar gebrokenheid in die wêreld is. Sonde het gebreekte liggame, gebroke gedagtes, gebroke wille en gebroke siele veroorsaak. Somtyds ervaar ons skande oor gebrokenheid. Dit kan wees as gevolg van swak keuses, wat bydra tot ons gebroke toestand of bloot omdat ons wêreld self gebroke is.

God is vol genade en guns. Hy is geduldig en vriendelik. Jesus verstaan, meer as wat ons besef, die versoekings wat ons daagliks ervaar. Hy was ten volle versoek, maar Hy het nie toegegee aan die sonde nie. Hy het simpatie met ons omdat Hy ons gebrokenheid en ons swakheid ken. Hy bied ons sy krag. Ons hoef nie skaam te wees om na Hom te gaan met al ons probleme, versoekings en gebrokenheid nie. Hy is gereed, bereid en in staat om ons te help.

Dawid se hart vir Mefiboset weerspieël die hart van ons hemelse Vader. God betoon vriendelikheid teenoor ons as gevolg van Jesus. Ons kan Hom met vertroue nader omdat Hy alleen ons swakheid ken. Ons kan met vrymoedigheid vra wat ons nodig het, want Hy alleen kan in ons diepste behoeftes voorsien.

*Gebed*

Here, ek is so dankbaar dat U my gebrokenheid en die versoekings wat ek daagliks beveg, verstaan. Dankie vir U genade wanneer ek misluk. Help my om vinnig na U te kom vir al my behoeftes en gee my die geloof wat ek nodig het om te glo dat U verstaan waardeur ek gaan. Amen.

# OORDENKINGSVRAE

1. Satan is ‘n groot historikus. Hy probeer sy bes om jou nooit te laat vergeet van jou sondes en foute nie. Hy hou daarvan om jou telkens daaraan te herinner en gebruik skande as een van sy wapens. Op grond van wat jy in Jeremia 31:3-4 lees, wat is God se reaksie op ons gebrokenheid in die verlede?

2. Hoe het jy Romeine 8:1 in jou lewe aanvaar? Watter impak het dit op jou gehad?

3. In ons barheid, skande en swakheid kan ons in die versoeking kom om te glo dat ons gebrek aan ‘sukses’ bewys dat God nie met ons is nie. Is hierdie waarheid gebaseer op wat ons in Rigters 6:12-18 lees?

4. God belowe ons nêrens ‘n lewe sonder pyn of beproewing nie. Ons sal sondig. Ons sal foute maak. Ons sal skande ervaar, maar as gevolg van God se krag wat in ons lewens werk, kan ons dit oorkom. Skoonheid en goeie dinge kan kom uit skande en pyn. Dink terug aan ‘n tyd toe God se krag tydens ‘n moeilike seisoen in jou lewe sigbaar was, en deel dit kortliks hier.

5. Elkeen van ons kan skande ervaar in ons gebrokenheid, of dit nou fisies, emosioneel of geestelik is. Ons moet onthou dat net omdat ons onsself op ‘n sekere manier beskou, dit nie beteken dat God ons ook so beskou nie. Hoe het God Hebreërs 4:15-16 gebruik om ‘n kringloop van skande in jou lewe te verbreek?

# NOTAS

# NOTAS

# WEEK 3

*...die oog gevestig op Jesus, die Begin en Voleinder van die geloof. Ter wille van die vreugde wat vir Hom in die vooruitsig was, het Hy die kruis verduur sonder om vir die skande daarvan terug te deins, en Hy sit nou aan die regterkant van die troon van God.*

**HEBREËRS 12:2**

# GEBED

## SKRYF JOU GEBEDSVERSOEKE EN LOFPRYSINGS VIR ELKE DAG NEER.

Gebedsfokus vir hierdie week:
Spandeer tyd om vir jou vriende te bid.

MAANDAG

DINSDAG

WOENSDAG

DONDERDAG

VRYDAG

# UITDAGING

Bid hierdie week en vra God om jou te help om enige iets uit jou verlede te bely en neem die genade wat Hy liefdevol uitdeel, met ope arms aan. Vra Hom om jou te help om die goeie te sien wat Hy uit jou pyn kan bring en hoe dit vir 'n groter doel gebruik kan word. Skryf die gebed in jou joernaal neer en teken aan hoe God jou gebed verhoor.

# MAANDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 3*

## *2 Samuel 11*

1 In die lente, die tyd waarin die konings gewoonlik optrek om oorlog te maak,
het Dawid op 'n keer vir Joab en sy soldate en die hele Israel uitgestuur. Hulle het
die Ammoniete verslaan en Rabba beleër, maar Dawid het in Jerusalem agtergebly.
2 Eendag het hy na sy middagslapie opgestaan en op die dak van die paleis gaan
rondstap. Van die dak af het hy 'n vrou sien bad. Sy was 'n baie mooi vrou. 3
Dawid het oor haar laat navraag doen, en iemand het gesê: "Dit is Batseba dogter
van Eliam, die vrou van Urija die Hetiet."

4 Dawid het toe amptenare gestuur en haar laat haal. Dit was nadat sy haar
reinigingsbad geneem het na haar maandstonde. Sy het na hom toe gekom, en hy
het by haar geslaap. Daarna is sy terug huis toe. 5 Die vrou het swanger geword en
vir Dawid laat weet: "Ek is swanger."

6 Dawid het op sy beurt 'n boodskap na Joab toe gestuur: "Stuur vir Urija die
Hetiet hiernatoe." Joab het hom na Dawid toe gestuur. 7 Urija het by hom gekom,
en Dawid het hom gevra hoe gaan dit met Joab en die leër, en hoe vorder die
oorlog. 8 Hierna het Dawid vir Urija gesê: "Gaan nou maar huis toe en rus 'n
bietjie." Toe Urija uit die paleis gaan, het die koning ook nog 'n geskenk agter
hom aangestuur. 9 Maar Urija wou nie huis toe gaan nie en het by die paleisdeur
gaan slaap saam met die slawe van die koning.

10 Hulle het vir Dawid gaan sê: "Urija was nie huis toe nie." Dawid vra toe vir
Urija: "Jy was mos lank weg, waarom gaan jy nie huis toe nie?" 11 Sy antwoord
was: "Sou ek huis toe gaan om te eet en fees te vier en by my vrou te slaap, terwyl
die ark en Israel saam met Juda in hutte woon en my aanvoerder Joab sowel as u
soldate in die oop veld kamp opslaan? Dit sal ek beslis nooit doen nie!" 12 Dawid
het Urija toe beveel: "Bly vandag nog hier! Môre stuur ek jou terug." Urija het
daardie dag en die dag daarna in Jerusalem vertoef. 13 Toe het Dawid hom geroep
en saam met hom geëet en gedrink. Hy het hom selfs dronk gemaak. Maar die
aand het Urija uitgegaan om op sy gewone plek saam met die slawe van die koning
te gaan slaap. Hy het nie huis toe gegaan nie.

14 Die volgende oggend het Dawid 'n brief aan Joab geskryf en saam met Urija
gestuur. 15 In dié brief het hy geskryf: "Gee tog aan Urija 'n plek op die voorpunt
waar die geveg kwaai is. Val dan terug sodat hy in die slag kan bly en sneuwel."

16 Terwyl Joab die stad beleër, het hy Urija op 'n plek gesit waar hy geweet het
daar is dapper teenstanders. 17 Die burgers van die stad het uitgekom en teen
Joab geveg. Daar het van Dawid se soldate gesneuwel, en Urija die Hetiet het ook
omgekom.

18 Joab het Dawid laat inlig oor die verloop van die geveg.19 Hy het die
boodskapper beveel: "As jy vir die koning die verloop van die geveg klaar vertel
het 20 en net as hy begin kwaad word en jou vra: 'Waarom het julle so naby die
stad gaan veg? Het julle nie gedink aan die mense wat bo die muur af skiet nie? 21
Wie het vir Abimelek seun van Jerubbeset doodgemaak? Is dit nie 'n vrou wat 'n
maalklip bo van die muur af op hom gegooi het, sodat hy in Tebes gesterf het nie?
Waarom het julle so naby die muur gekom?' dan moet jy sê: Ook u manskap Urija
die Hetiet het gesneuwel."

22 Die boodskapper het vir Dawid alles gaan vertel wat Joab hom beveel het. 23
Hy het vir Dawid gesê: “Die vyand het dapper teen ons geveg. Hulle het tot in die
oop veld na ons toe uitgekom en toe ons hulle tot by die stadspoort terugdruk,
24 het die boogskutters bo van die muur af u manskappe begin raakskiet. So het
party van die koning se soldate gesneuwel, en ook Urija die Hetiet het so gesterf.”
23 Dawid het die boodskapper beveel: “Sê vir Joab: ‘Jy moet jou dit nie te veel
aantrek nie. Dit gebeur nou maar eenmaal so dat mense sneuwel. Veg dapper in
jou stryd teen die stad en verwoes dit.’ En praat hom moed in.”

26 Urija se vrou het gehoor dat haar man dood is en sy het oor hom getreur. 27
Toe die routyd oor was, het Dawid haar na sy huis toe laat haal. Sy het sy vrou
geword en vir hom ‘n seun in die wêreld gebring. Maar wat Dawid gedoen het, was
verkeerd in die oë van die Here.

*Psalms 103:10-11*

10 Hy handel met ons nie volgens ons
sondes nie,
vergeld ons nie vir ons
ongeregtighede nie,
11 want so groot as die afstand
tussen hemel en aarde is,
so groot is sy liefde vir dié wat Hom
dien.

# MAANDAG

LEES:
*2 Samuel 11; Psalms 103:10-11*

SOAP:
*Psalms 103:10-11*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# MAANDAG

*Dagstukkies vir Week 3*

*SOAP*

PSALMS 103:10-11
HY HANDEL MET ONS NIE VOLGENS ONS SONDES NIE,
VERGELD ONS NIE VIR ONS ONGEREGTIGHEDE NIE,
WANT SO GROOT AS DIE AFSTAND TUSSEN HEMEL EN AARDE IS,
SO GROOT IS SY LIEFDE VIR DIÉ WAT HOM DIEN.

*Oordenking*

Om 'n navolger van Christus te wees, beteken nie dat ons immuun is teen sonde nie. Ons sien dit in die lewe van Dawid. Sy verhouding met Batseba was 'n groot morele mislukking. Die een sonde het gelei tot 'n volgende en 'n volgende totdat 'n goeie man vermoor is om Dawid se sonde weg te steek. Ten spyte van al hierdie dinge is Dawid steeds beskou as 'n man na God se hart. Niks is te moeilik vir God om te vergewe en te verlos nie.

Alhoewel daar groot aardse gevolge vir sonde is, is alles nie verlore nie. As ons sê dat God elke sonde vergewe, sluit dit die sonde van ontrouheid in. Hy hou aan om sy kinders diep lief te hê ondanks enige donker gat waarin ons kan val. Wanneer skande dreig om ons te oorrompel, kan ons hierdie waarheid onthou en daarin berus: Hy behandel ons nie soos ons sondes verdien nie.

As mede-broers en -susters in Christus moet ons diegene wat val, nie vermy nie, maar langs hulle stap, bevestig dat hulle lelik drooggemaak het, maar hulle dan help om weer op die pad van geregtigheid te kom. Wanneer ons oorweldig word deur die genade wat ons in ons eie lewens ontvang het, kan ons oorweldigende genade en barmhartigheid aan ander betoon.

*Gebed*

Here, ek mag na my sondes kyk en dink dat dit te groot is om vergewe te word. Herinner my aan die verhaal van Dawid en hoe die baie sondes van een man vergewe kon word en sy lewe kon herstel, want U is 'n God van genade en barmhartigheid en krag. In Jesus se naam, amen.

# DINSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 3*

*2 Samuel 12:13*

13 Toe sê Dawid vir Natan: "Ek het gesondig teen die Here."
En Natan sê vir hom: "Die Here het jou sonde vergewe: jy sal nie nou sterwe nie.

*Romeine 3:23-24*

23 Almal het gesondig, en het nie deel aan die heerlikheid van God nie, 24 maar
hulle word, sonder dat hulle dit verdien, op grond van sy genade vrygespreek
vanweë die verlossing deur Jesus Christus.

*2 Korintiërs 7:10-11*

10 want droefheid volgens die wil van God bring bekering wat tot redding lei,
en daaroor was niemand nog ooit jammer nie. Daarteenoor bring droefheid uit
wêreldse oorwegings die dood. 11 Kyk net wat die ervaring van droefheid volgens
die wil van God aan julle gedoen het. Nou is daar by julle erns; meer nog, daar is
verantwoording, verontwaardiging, ontsag, verlange, ywer en bestraffing van die
kwaad. In elke opsig het julle bewys dat julle in hierdie saak onskuldig is,

# DINSDAG

LEES:
*2 Samuel 12:13; Romeine 3:23-24; 2 Korintiërs 7:10-11*

SOAP:
*Romeine 3:23-24*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2 TOEPASSINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED OOR WAT JY GELEER HET UIT VANDAG SE SKRIFGEDEELTE.

# DINSDAG

*Dagstukkies vir Week 3*

*SOAP*

ROMEINE 3:23-24
ALMAL HET GESONDIG EN IS VER VAN GOD AF, MAAR HULLE WORD, SONDER DAT HULLE DIT VERDIEN, OP GROND VAN SY GENADE VRYGESPREEK VANWEË DIE VERLOSSING DEUR JESUS CHRISTUS.

*Oordenking*

Opregte berou bring vryheid. Dit maak ons harte sagter teenoor God en erken dat ons verkeerd gedoen het. Die Here erken opregte berou en Hy vergewe. Hy hou nooit ou sondes teen ons nie. Ons sonde is ten volle bedek deur die bloed van Jesus.

Ten spyte van Dawid se sonde, het hy die afskuwelikheid gesien van wat hy gedoen het en hy was bedroef daaroor. As Dawid vergewe en herstel kon word, kan elkeen van ons ook. Dit maak nie saak hoe groot ons sonde is nie, ons kan dit bely en die Here vra om ons te help om ons sondes en versoekings te oorkom. Ons sal nooit volmaak wees in hierdie lewe nie, maar ons kan groei in godsaligheid, herstel word na groot mislukkings en 'n lewe lei wat God verheerlik.

Ons skiet almal tekort aan die standaard waartoe Hy ons geroep het. Maar dit is presies waarom Hy sy Seun, Jesus Christus, gestuur het. Ons kan nooit aan die heerlikheid van God voldoen nie. Ons kry redding as 'n gratis geskenk van God deur die verlossing wat ons in Christus het. Hy alleen het dit gedoen! Wanneer ons ons sonde bely en sy vergifnis vra, aanvaar ons gewilliglik sy gratis gawe van genade en redding.

*Gebed*

Here, my sondes is baie, maar u genade is groter. U vergifnis bedek alles. Help my om die erns van my sonde te sien en help my om dit te bely. Vorm my meer na u Beeld sodat ek u Naam beter kan verheerlik. Amen.

# WOENSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 3*

*Markus 10:46-52*
46 Daarna kom hulle in Jerigo aan. Toe Jesus en sy dissipels en ‘n aansienlike
menigte weer daarvandaan verder gaan, sit daar ‘n blinde bedelaar, Bartimeus,
seun van Timeus, langs die pad. 47 Toe hy hoor dat dit Jesus van Nasaret is, het
hy begin uitroep: “Jesus, Seun van Dawid, ontferm U tog oor my!” 48 Baie mense
het met hom geraas en gesê hy moet stilbly. Maar hy het al hoe harder uitgeroep:
“Seun van Dawid, ontferm U tog oor my!” 49 Jesus het gaan staan en gesê: “Roep
hom nader.” Hulle roep toe die blinde man en sê vir hom: “Hou moed! Staan op!
Hy roep jou.” 50 Hy het sy bokleed net daar gelos en opgespring en na Jesus toe
gegaan. 51 Jesus vra vir hom: “Wat wil jy hê moet Ek vir jou doen?” “Rabboeni,”
sê die blinde man vir Hom, “dat ek kan sien.” 52 Jesus sê daarop vir hom: “Jy kan
maar gaan. Jou geloof het jou gered.” Dadelik kon hy sien en het hy op die pad
agter Jesus aan gegaan.

*Psalms 121:1-2*
1 ‘n Pelgrimslied.
Ek kyk op na die berge:
waarvandaan sal daar vir my hulp kom?
2 My hulp kom van die Here
wat hemel en aarde gemaak het.

*Hebreërs 12:2*
2 die oog gevestig op Jesus, die Begin en Voleinder van die geloof. Ter wille van die vreugde wat vir Hom in die vooruitsig was, het hy die kruis verduur sonder om vir die skande daarvan terug te deins, en Hy sit nou aan die regterkant van die troon van God.

# WOENSDAG

LEES:
*Markus 10:46-52; Psalms 121:1-2; Hebreërs 12:2*

SOAP:
*Hebreërs 12:2*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# WOENSDAG

*Dagstukkies vir Week 3*

*SOAP*

HEBREËRS 12:2
DIE OOG GEVESTIG OP JESUS, DIE BEGIN EN VOLEINDER VAN DIE GELOOF. TER WILLE VAN DIE VREUGDE WAT VIR HOM IN DIE VOORUITSIG WAS, HET HY DIE KRUIS VERDUUR SONDER OM VIR DIE SKANDE DAARVAN TERUG TE DEINS, EN HY SIT NOU AAN DIE REGTERKANT VAN DIE TROON VAN GOD.

*Oordenking*

Die verhaal van Bartimeus is 'n pragtige verhaal van geloof en genesing. Sy hele lewe lank was Bartimeus blind en is hy soos 'n buitestander behandel. Bartimeus was van ander afhanklik omdat hy blind was. Toe Jesus verbykom, het Bartimeus na Jesus uitgeroep en vir ontferming gepleit. Die mense het met Bartimeus geraas omdat hy na Hom uitgeroep het.

Baie het gedink die blinde, gebroke man is nie Jesus se tyd werd nie. Jesus het egter vir Bartimeus genees en daarmee sy mag en deernis getoon. Jesus aanvaar ons net soos ons is, maar hy hou nooit op om ons te vernuwe nie. Niemand verdien God se reddende liefde nie, en tog het Hy ons nogtans verlos.

Wanneer ons, net soos Bartimeus, ons oë op Jesus vestig, kan ons groot vreugde vind. Jesus het voor ons uit gegaan, en die skande en foltering aan die kruis namens ons verduur. Hy het ons die vryheid gegee om ons lewens volkome toegewy aan Hom te leef. Mag ons, soos Bartimeus, die skande of gebrokenheid of sonde wat ons probeer terughou, afgooi en voluit agter Hom aan hardloop.

*Gebed*

Here, help my om dankbaar te wees vir die verlossing wat ek het en om 'n begeerte te hê dat almal gered sal word, selfs hulle wat deur die wêreld onwaardig geag word. Herinner my dat ek u genade nie waardig is nie. Dankie dat U my nogtans met u genade toegooi. Amen.

# DONDERDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 3*

*Johannes 9:3*

3 En Jesus antwoord: "Dit is nie deur sy eie sonde nie en ook nie deur sy ouers s'n nie, maar hy is blind sodat die werke wat God doen, in hom gesien sal kan word.

# DONDERDAG

LEES:
*Johannes 9:3*

SOAP:
*Johannes 9:3*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# DONDERDAG

*Dagstukkies vir Week 3*

*SOAP*

JOHANNES 9:3
EN JESUS ANTWOORD: "DIT IS NIE DEUR SY EIE SONDE NIE EN OOK NIE DEUR SY OUERS S'N NIE, MAAR HY IS BLIND SODAT DIE WERKE WAT GOD DOEN, IN HOM GESIEN SAL KAN WORD."

*Oordenking*

God het 'n doel met alles wat Hy in ons lewens toelaat. Niks gebeur per toeval nie; niks gaan ongesiens by God verby nie. Hy is te alle tye van alles bewus en gebruik alles om sy doel te bereik. Ons sien nie die volle prentjie nie, en daarom voel dit soms asof die gebeure waarna ons kyk 'n groot deurmekaarspul is. Hou moed—God is aan die werk, besig om sy mag te openbaar, sy wil te laat geskied, alles ten goede vir sy kinders te laat meewerk en Homself midde-in alles te verheerlik.

Ongeag of jy worstel met 'n spesifieke twyfel, 'n voorslepende siekte het of voel asof alles op die punt staan om uitmekaar te val, weet verseker dat God besig is om jou omstandighede te gebruik om jou meer afhanklik van Hom te maak. Glo en vertrou dat Hy meer vir jou omgee as wat jy ooit kan besef.

God het 'n doel met alles wat ons ondervind. Sy doel kan wees om ons te suiwer, iets te leer, om ons tereg te wys of te dissiplineer, of selfs om ons genot te verskaf en te seën. Wat die spesifieke doel van ons omstandigheid ook al mag wees, God word in alles geopenbaar. In ons strewe om Hom groots lief te hê, mag ons daarna streef om Hom in alle omstandighede te eer en te verheerlik.

*Gebed*

Here, die lewe kan baie moeilik wees. Ek worstel met my gedagtes, ek worstel met my omstandighede, ek worstel in my geloof. U is daar, oorgehaal en in staat om te help. Stuur vir my aanmoediging en die krag om te volhard, wetend dat U alles vir my ten goede en tot u verheerliking laat saamwerk.

# VRYDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 3*

*Markus 5:25-34*

25 Daar was ook 'n vrou wat al twaalf jaar lank aan bloedvloeiing gely het. 26 Sy
het baie gely onder die behandeling van talle dokters en het alles wat sy gehad het,
daaraan bestee. Sy het egter geen baat daarby gevind nie; haar toestand het eerder
vererger. 27 Sy het van Jesus gehoor en in die gedrang nader gekom en van agter
af aan sy klere geraak, 28 want sy het gedink: as ek maar net aan sy klere kan raak,
sal ek gesond word. 29 En dadelik het die bron van haar bloedvloeiing opgedroog,
en sy kon aan haar liggaam agterkom dat sy van haar kwaal ontslae was. 30 Jesus
het ook self onmiddelik geweet dat daar van Hom krag uitgegaan het. Hy het Hom
in die gedrang omgedraai en gevra: "Wie het aan my klere geraak?" 31 Sy dissipels
het Hom geantwoord: "U sien tog dat die mense van alle kante af teen U druk,
en dan vra U nog: Wie het aan My geraak?" 32 Hy het rondom Hom gekyk om te
sien wie dit gedoen het. 33 Die vrou het geskrik en gestaan en bewe, want sy het
besef wat met haar gebeur het. Sy het toe voor Hom op haar knieë kom val en vir
Hom haar hele geskiedenis vertel. 34 Daarna sê Hy vir haar: "Dogter, jou geloof
het jou gered. Gaan in vrede. Wees vir goed van jou kwaal genees!"

*Johannes 14:1*

1 "Julle moet nie ontsteld wees nie. Glo in God; glo ook in My.

*Jesaja 61:7*

7 In plaas van vernedering sal julle twee keer soveel besittings hê as tevore, in plaas van minagting sal julle lof ontvang oor wat julle besit. Julle sal in julle land twee keer soveel besit as tevore en julle sal altyd vreugde hê.

# VRYDAG

LEES:
*Markus 5:25-34; Johannes 14:1; Jesaja 61:7*

SOAP:
*Jesaja 61:7*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# VRYDAG

*Dagstukkies vir Week 3*

*SOAP*

JESAJA 61:7
IN PLAAS VAN VERNEDERING SAL JULLE TWEE KEER SOVEEL BESITTINGS HÊ AS TEVORE,
IN PLAAS VAN MINAGTING SAL JULLE LOF ONTVANG OOR WAT JULLE BESIT.
JULLE SAL IN JULLE LAND TWEE KEER SOVEEL BESIT AS TEVORE
EN JULLE SAL ALTYD VREUGDE HÊ.

*Oordenking*

Kan jy jouself voorstel om jare aaneen te bloei, nie te weet wat verkeerd is nie en nie ‘n geneesmiddel te hê nie? Boonop was sy as onrein beskou, nie in staat om deel van die gemeenskap te wees, aanbiddings by te woon of selfs iemand anders aan te raak nie.

Hierdie vrou is ‘n voorbeeld van iemand met groot geloof. Alhoewel sy nie selfversekerd of miskien selfs waardig gevoel het om met Jesus te praat en om genesing te vra nie, het sy geglo dat sy genees sou word as sy aan die soom van sy kleed sou raak. Wat ‘n wonderlike oomblik, om genees te word en om te hoor dat Jesus erkenning gee aan jou geloof. Dit het haar lewe fisies, geestelik en sosiaal verander. God het nie net haar liggaamlike lyding genees nie, maar deur haar vorentoe te roep, het Hy haar in haar gemeenskap laat terugkeer en haar skoon verklaar.

Hoe verseker is jy dat God wonderlike dinge in jou lewe kan laat gebeur? Vra Hom om jou die geloof te gee om te glo dat Hy meer as wat jy ooit kan vra, kan doen. Selfs in ons kwesbaarste situasies kan God enige situasie oorkom en verlos.

*Gebed*

Here, my geloof is nie naastenby so sterk soos dit moet wees nie. Ek twyfel te veel en ek sukkel om vir U te vra om op groot maniere te werk want ek sukkel met onsekerheid. Gee my die soort geloof wat hierdie vrou gehad het en laat my dapper optree. Amen.

# OORDENKINGSVRAE

1. Ons het almal gesondig en ons sondes het ons seergemaak en ook onskuldige mense in ons lewens seergemaak. Dit is die harde waarheid oor sonde - dit maak ook diegene wat onskuldig is, seer. Aangesien Psalm 103 deur Dawid geskryf is, hoe help sy woorde jou om te verstaan dat, as hy dit kon skryf na hoe hy gesondig het, God ook jou sondes kan vergewe en die skande waarmee jy worstel, kan verbreek?

2. Hoe rus Romeine 3:23-24 jou toe om teen gevoelens van skande te veg? Wat is belangrik om uit hierdie verse te onthou?

3. Skande kan deur baie dinge in ons lewens veroorsaak word. Om skande te ervaar, beteken nie dat jy iets verkeerd gedoen het nie. Jesus het ook skande geken. Hoe het Jesus dit bestry? Hoe kan jy skande in jou lewe bestry?

4. Mense kan probeer om jou te beskaam of jou sleg te laat voel oor jouself of ‘n omstandigheid waarin jy verkeer. In plaas daarvan om toe te gee daaraan, veg terug en soek vir ‘n groter doel daarin. Wat is een manier waarop jy God daardeur kan verheerlik?

5. Die skande van die vrou wat aan bloedvloeiing gely het, was nie as gevolg van enigiets wat sy gedoen het nie. Dit was nie weens ‘n sonde wat sy gepleeg het nie, maar ‘n gevolg van lewe in ‘n gevalle wêreld. Hoe gee Vrydag se verse jou hoop? Wat openbaar hierdie verse oor Jesus?

# NOTAS

# NOTAS

# WEEK 4

---

*Iemand wat aan Christus behoort, is 'n nuwe mens. Die ou is verby, die nuwe het gekom.*

**2 KORINTIËRS 5:17**

---

# GEBED

## SKRYF JOU GEBEDSVERSOEKE EN LOFPRYSINGS VIR ELKE DAG NEER.

Gebedsfokus vir hierdie week:
Spandeer tyd om vir jou kerk te bid.

MAANDAG

DINSDAG

WOENSDAG

DONDERDAG

VRYDAG

# UITDAGING

Met die kennis en begrip van die vryheid wat ons in Christus het en sy belofte van vernuwing in 2 Korintiërs 5:17, skryf in jou joernaal neer hoe God jou deur hierdie studie laat groei het. Deel wat jy geleer het met jou vriende of op ons aanlyn Love God Greatly Bybelstudiegroep.

# MAANDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 4*

### *Johannes 8:1-11*

1 maar Jesus het na die Olyfberg toe gegaan. 2 Die volgende môre vroeg was Hy
weer in die tempel en die hele volk het na Hom toe gekom. Hy het gaan sit en
hulle geleer. 3 Die skrifgeleerdes en die Fariseërs bring toe 'n vrou wat op owerspel
betrap is, en laat haar in die middel van die kring mense staan. 4 Hulle het vir
Hom gesê: "Meneer, hierdie vrou is op heter daad betrap waar sy owerspel gepleeg
het. 5 Moses het ons in die wet beveel om sulke vrouens te stenig, maar u, wat
sê u?" 6 Dit het hulle gevra om Hom uit te lok, sodat hulle iets kon kry waaroor
hulle Hom kon aankla. Maar Jesus het gebuk en met sy vinger op die grond
geskrywe. 7 Toe hulle aanhou om Hom te vra, het Hy regop gekom en vir hulle
gesê: "Laat die een van julle wat 'n skoon gewete het, eerste 'n klip op haar gooi."
8 Daarna het Hy weer gebuk en op die grond geskrywe.

9 Toe hulle hoor wat Hy sê, het hulle een vir een begin wegloop, die familiehoofde
eerste. Jesus is alleen agtergelaat saam met die vrou daar in die middel van die
kring mense. 10 Toe het Hy regop gekom en vir haar gevra: "Mevrou, waar is
hulle? Het nie een van hulle die oordeel oor jou voltrek nie?" 11 "Niemand nie,
Here," sê sy. Toe sê Jesus: "Ek doen dit ook nie. Gaan maar en moet van nou af nie
meer sonde doen nie."

### *Psalms 25:2*

2 my God, op U vertrou ek.
Laat my vertroue tog nie tevergeefs wees nie,
laat my vyande nie juig oor wat met my gebeur nie.

### *Kolossense 1:21-23*

21 Ook julle was voorheen ver van God af en vyandiggesind teenoor Hom, soos
blyk uit julle sondige lewenswyse. 22 Maar nou het Hy ook julle met Homself
versoen deurdat sy Seun as mens gesterwe het om julle heilig, sonder smet en
onberispelik voor Hom te stel. 23 Maar dan moet julle vas en sterk bly staan in die
geloof en julle nie laat losruk van die hoop wat in julle gewek is deur die evangelie
wat julle gehoor het nie. Dit is die evangelie wat aan al die mense op die aarde
verkondig is en waarvan ek, Paulus, 'n dienaar geword het.

# MAANDAG

LEES:
*Johannes 8:1-11; Psalms 25:2; Kolossense 1:21-23*

SOAP:
*Psalms 25:2; Kolossense 1:22*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# MAANDAG

*Dagstukkies vir Week 4*

*SOAP*

PSALMS 25:2
MY GOD, OP U VERTROU EK.
LAAT MY VERTROUE TOG NIE TEVERGEEFS WEES NIE,
LAAT MY VYANDE NIE JUIG OOR WAT MET MY GEBEUR NIE.

KOLOSSENSE 1:22
MAAR NOU HET HY OOK JULLE MET HOMSELF VERSOEN DEURDAT SY SEUN AS MENS GESTERWE HET OM JULLE HEILIG, SONDER SMET EN ONBERISPELIK VOOR HOM TE STEL.

*Oordenking*

Jesus het op 'n baie ongewone manier met die vrou wat op owerspel betrap is, verkeer. Die owerhede was gereed om haar te stenig. In plaas daarvan om haar te veroordeel, het Jesus vir die skare gesê, "Laat die een van julle wat 'n skoon gewete het, eerste 'n klip gooi." (Johannes 8:7).

Alle sondes spyker Jesus aan die kruis. Dit maak nie saak hoe groot of klein ons die sonde ag nie, maak nie saak hoe kultureel aanvaarbaar of gerieflik nie, dit alles vereis Jesus se offer vir ons verlossing. Sonde toon ons behoefte aan verlossing. As ons blootgestel word aan ons sonde wil ons dit verberg, maar wanneer ander blootgestel word wil ons sien dat hulle gestraf word. Jesus ontmoet ons net soos hy die vrou ontmoet het wat op owerspel betrap is—met deernis en begrip. Hy het haar nie veroordeel nie, maar haar ook nie in haar sonde laat bly nie.

Mag ons die manier waarop Jesus op ons reageer onthou wanneer ons blootgestel word. As ander blootgestel word, mag ons hulle ook die medelye en waarheid gee wat Jesus bied: "Gaan maar en moet van nou af nie meer sonde doen nie" (Johannes 8:11).

*Gebed*

Here, U is vol deurnis en barmhartigheid. Help my om u genade te onthou as ek oorweldig word deur skande. Help my om my sonde te bely. Weerhou my daarvan om ander te veroordeel en help my om bereid te wees om genade en waarheid te bied. Amen.

# DINSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 4*

*Johannes 8:36*
36 Eers as die Seun julle vrymaak, sal julle werlik vry wees.

*Efesiërs 1:7-8*
7 Deur die bloed van sy Seun is ons verlos en is ons oortredinge vergewe kragtens
die ryke genade van God 8 wat Hy in al sy wysheid en insig so oorvloedig aan ons
geskenk het.

# DINSDAG

LEES:
*Johannes 8:36; Efesiërs 1:7-8*

SOAP:
*Efesiërs 1:7-8*

*Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

*Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# DINSDAG

*Dagstukkies vir Week 4*

*SOAP*

EFESIËRS 1:7-8
"DEUR DIE BLOED VAN SY SEUN IS ONS VERLOS EN IS ONS OORTREDINGE VERGEWE KRAGTENS DIE RYKE GENADE VAN GOD"

*Oordenking*

Daar is niemand wat regverdig is nie. Sommige van ons sondes mag dalk meer weggesteek wees, soos wellus, begeerte na jou naaste se goed, sondige gedagtes of 'n ondankbare hart. Ander sondes kan weer makliker raakgesien word soos skinder, leuentaal of haatspraak. Daar is sommige sondes wat lyk asof dit niemand anders raak nie, en daar is sondes wat ander kan vernietig. Dit maak nie saak wat die sonde is nie, elke een van dit, verdien die dood.

Maar God het aan ons genade gegee. Omdat Hy 'n goedgunstige God is, het Hy genade op genade aan ons gegee en ons vergewe vir al ons sondes. Die klein sondes en die groot sondes, die weggesteektes en die sigbares. Ons is vergewe deur die prys wat Jesus betaal het. Ons het volmaakte, volkome verlossing deur Christus. Hy vergewe al ons oortredinge en oordek ons met sy onmeetbare genade.

Wanneer skande dreig om ons te vernietig, kan ons glo in God, wat ons nie net bevry van sonde nie, maar ook van skande en skuld. Ons is vry van dood, skande en swaarkry as gevolg van sy opoffering. Alle eer aan God.

*Gebed*

O Heer, help my om vinnig na U te kom wanneer ek sondig, omdat ek weet dat U my met ope arms verwelkom. U het my bevry van die ewige vloek van my sonde en ek wil gevul wees met dankbaarheid en vreugde in U. Amen.

# WOENSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 4*

## *Lukas 22:31-62*

31 "Simon, Simon!" het Jesus gesê. "Luister! Die Satan het daarop aangedring om
julle soos koring te sif. 32 Maar Ek het vir jou gebid dat jou geloof jou nie begewe
nie. As jy weer tot inkeer gekom het, moet jy jou broers versterk." 33 Petrus sê
vir Hom: "Here, ek is bereid om saam met U selfs gevangenskap en dood in te
gaan." 34 Maar Hy antwoord: "Petrus, Ek sê vir jou: Die haan sal vannag nie kraai
voordat jy My drie maal verloën het deur te sê dat jy My nie ken nie."

35 Verder het Jesus vir hulle gesê: "Toe Ek julle uitgestuur het sonder beursie en
reissak en skoene, het julle iets kortgekom?" "Nee, niks nie!" was hulle antwoord.
36 Toe sê Hy vir hulle: "Maar nou, wie 'n beursie het, moet dit saamneem, en
net so ook 'n reissak. En wie nie 'n swaard het nie, moet van sy klere verkoop en
een aanskaf. 37 Ek sê vir julle: Die Skrifwoord wat sê: 'En Hy is as misdadiger
beskou,'moet aan My bewaarheid word, want wat op My betrekking het, gaan nou
in vervulling." 38 Hulle sê toe: "Here, kyk hier is twee swaarde." "Ons laat dit
daarby," antwoord Hy hulle.

39 Jesus het die stad verlaat en volgens gewoonte Olyfberg toe gegaan, en sy
dissipels het Hom gevolg. 40 Toe Hy op die plek aankom, sê Hy vir hulle: "Bid dat
julle nie in versoeking kom nie." 41 Hy het Hom toe van hulle afgesonder omtrent
so ver as 'n mens met 'n klip kan gooi. Daar het Hy gekniel en gebid: 42 "Vader,
as U wil, neem tog hierdie lydensbeker van My af weg. Laat nogtans nie my wil
nie maar u wil geskied!" 43 'n Engel uit die hemel het aan Hom verskyn en Hom
versterk. 44 Hy het in doodsangs geraak en het nog ernstiger gebid. Sy sweet het
soos bloeddruppels geword wat op die grond val. 45 Toe Hy van die gebed opstaan
en by die dissipels kom, kry Hy hulle aan die slaap, uitgeput van droefheid. 46 Hy
sê toe vir hulle: "Waarom slaap julle? Staan op en bid, sodat julle nie in versoeking
kom nie."

47 Terwyl Jesus nog praat, kom 'n klomp mense daar aan. Die een wat Judas
genoem is, een van die twaalf, het hulle gelei en nader gekom na Jesus toe om
Hom te soen. 48 Maar Jesus sê vir hom: "Judas, verraai jy die Seun van die mens
met 'n soen?" 49 Toe dié saam met Jesus was, sien wat gaan gebeur, vra hulle:
"Here, moet ons hulle met die swaard aanval?" 50 Een van hulle slaan toe na
die slaaf van die hoëpriester en kap sy regteroor af. 51 Maar Jesus sê: "Hou op
daarmee!" Daarna het Hy die oor aangeraak en hom genees. 52 Toe sê Jesus vir die
priesterhoofde, die offisiere van die tempelwag en die familiehoofde wat teen Hom
opgetrek het: "Trek julle met swaarde en stokke uit soos teen 'n rower? 53 Dag vir
dag was Ek saam met julle in die tempel, en julle het nie 'n hand uitgesteek om
My te vang nie. Maar nou dat die tyd vir die duistere magte daar is, het julle julle
kans."

54 Hulle het Jesus toe gevange geneem en Hom weggelei en in die huis van die
hoëpriester gebring. Petrus het op 'n afstand agterna gekom. 55 In die middel
van die binneplaas was daar 'n vuur, en daar het mense bymekaar gesit. Petrus
het tussen hulle gaan sit. 56 'n Diensmeisie wat hom in die skynsel van die vuur
sien sit het, het hom goed bekyk en gesê: "Dié een was ook saam met daardie
man." 57 Maar Petrus het dit ontken deur te sê: "Juffrou, ek ken Hom nie!" 58 'n
Rukkie later sien iemand anders hom en sê: "Jy is mos ook een van hulle." Maar

Petrus antwoord: "Man, ek is nie!" 59 Na verloop van sowat 'n uur het nog een met beslistheid beweer: "Sowaar, dié een was ook saam met daardie man. Hy is mos ook 'n Galileër!" 60 Maar Petrus sê: "Man, ek weet nie waarvan jy praat nie!" En onmiddelik, terwyl hy nog praat, het daar 'n haan gekraai. 61 Die Here het omgedraai en Petrus aangekyk. Toe val dit Petrus by wat die Here vir hom gesê het: "Voordat die haan vannag kraai, sal jy My drie maal verloën." 62 En Petrus het buitentoe gegaan en bitterlik gehuil.

## *Johannes 21:7-19*

7 Die dissipel vir wie Jesus baie lief was, sê toe vir Petrus: "Dit is die Here!" Toe Simon Petrus hoor dat dit die Here is, het hy sy hemp aangetrek – want sy bolyf was kaal – en in die water gespring. 8 Hulle was nie ver van die land af nie, net omtrent honderd tree. Die ander dissipels het met die skuitjie gekom en die net met die visse gesleep.

9 Toe hulle aan land kom, sien hulle 'n vuur brand en 'n stuk vis daarop lê. Daar was brood ook. 10 Jesus sê toe vir hulle: "Bring van die vis wat julle nou net gevang het." 11 Simon Petrus het toe in die skuit geklim en die net op die land getrek. Dit was vol groot visse, honderd drie en vyftig, en alhoewel daar so baie was, het die net nie geskeur nie. 12 Toe sê Jesus vir hulle: "Kom eet." Nie een van die dissipels het sover gekom om vir Hom te vra: "Wie is U?" nie. Hulle het geweet dat dit die Here is. 13 Jesus kom toe, neem die brood en gee dit vir hulle, en net so ook die vis. 14 Dit was al die derde keer dat Jesus aan sy dissipels verskyn het nadat Hy uit die dood opgewek is.

15 Toe hulle klaar geëet het, vra Jesus vir Simon Petrus: "Simon seun van Johannes, het jy My baie lief, meer as hulle hier?"

"Ja, Here," antwoord hy Hom, "U weet dat ek U liefhet."
Hy sê toe vir hom: "Laat my lammers wei."
16 Jesus vra hom weer 'n tweede keer: "Simon seun van Johannes, het jy My baie lief?"
"Ja, Here," antwoord hy Hom, "U weet dat ek U liefhet."
Hy sê toe vir hom: "Pas my skape op."
17 Jesus vra hom die derde keer: "Simon seun van Johannes, het jy My lief?"
Petrus het bedroef geword omdat Jesus hom die derde keer gevra het: "Het jy My lief?", en hy antwoord Hom: "Here, U weet alles. U weet dat ek U liefhet."

Hy sê toe vir hom: "Laat my skape wei. 18 Dit verseker ek jou: Toe jy jonger was, het jy self jou klere vasgemaak en gegaan waar jy wil; maar wanneer jy oud is, sal jy jou hande uitsteek, en iemand anders sal jou vasmaak en jou bring waar jy nie wil wees nie."

19 Dit het Jesus gesê en daarmee aangedui deur watter soort dood Petrus God sou verheerlik. Daarna sê Hy vir hom: "Volg My!"

## *2 Timoteus 2:13*

13 as ons ontrou is – Hy bly getrou: Hy kan Homself nie verloën nie.

# WOENSDAG

LEES:
*Lukas 22:31-62; Johannes 21:7-19; 2 Timoteus 2:13*

SOAP:
*Lukas 22:31-32*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# WOENSDAG

*Dagstukkies vir Week 4*

*SOAP*

LUKAS 22:31-32
"SIMON, SIMON!" HET JESUS GESÊ. "LUISTER! DIE SATAN HET DAAROP AANGEDRING OM JULLE SOOS KORING TE SIF. MAAR EK HET VIR JOU GEBID DAT JOU GELOOF JOU NIE BEGEWE NIE. AS JY WEER TOT INKEER GEKOM HET, MOET JY JOU BROERS VERSTERK."

*Oordenking*

Het jy al ooit na iemand se sonde gekyk en gedink: "ek sal dit nooit doen nie"? Ek is seker Petrus het nooit gedink dat hy die een sou wees wat Jesus sou veraai nie. Hy het soveel passie vir die Here en vir sy bediening gehad. Toe Jesus vir Petrus vertel het dat hy Hom sou verraai, nie net een keer nie, maar drie keer, kon Petrus dit nie glo nie. Toe die tyd aanbreek, was dit presies wat gebeur het. Petrus het baie vinnig ontrou geraak aan die Een waaraan hy sy getrouheid belowe het.

Ons is nie anders as Petrus nie. Ons het die vermoë om sondes te doen wat ons nooit gedink het ons sou nie. Ons is nie beter as Petrus nie en kan onsself baie maklik bevind waar ons self ook vir Jesus verraai. Maar selfs in daardie aaklige mislukking, het Jesus nie vir Petrus verlaat nie. Hy het gebid vir Petrus, en hom weer herstel na sy fout. Hy bid vir ons ook (Heb. 7:25) en herstel ons wanneer ons tekortskiet (1 Pet. 5:10-11).

Selfs in ons ontrouheid aan Hom, bly God altyd getrou aan ons. Hy vergewe ons ons sonde en herstel ons. Hy is onvoorwaardelik lief vir ons, maak nie saak wat ons doen of nalaat om te doen nie. Hy is ons Vader en ons is sy kinders.

*Gebed*

O Heer, gee my asseblief die nederigheid om te weet dat ek maklik in allerlei sondes kan verval, veral in die sonde van ontrouheid. Help my om daagliks te dink aan u liefde, geduld en vergifnis en gee aan my die begeerte om U te volg, al die dae van my lewe. Amen.

# DONDERDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 4*

*2 Korintiërs 5:17*

17 Iemand wat aan Christus behoort, is ‘n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom.

# DONDERDAG

LEES:
*2 Korintiërs 5:17*

SOAP:
*2 Korintiërs 5:17*

*Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

*Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# DONDERDAG

*Dagstukkies vir Week 4*

*SOAP*

2 KORINTIËRS 5:17
IEMAND WAT AAN CHRISTUS BEHOORT, IS 'N NUWE MENS. DIE OUE IS VERBY, DIE NUWE HET GEKOM!

*Oordenking*

Kyk jy na jou skande of verleentheid en dink jy gaan nooit daaroor kom nie? Dit kan voel asof die dinge waarmee ons worstel altyd die oorhand het. Ofskoon ons nooit in hierdie lewe volmaak sal wees nie, is ons meer as in staat om ons skande te bowe te kom omdat ons almal nuut gemaak is.

Die ou jy, die een wat sonde liefgehad en God gehaat het, bestaan nie meer nie. Jy het 'n nuwe hart gekry: 'n hart wat gefrustreerd is met sonde, 'n hart wat God liefhet, en 'n hart wat begeer om meer soos Christus te wees. Wanneer ons ons geloof in Christus plaas, verwyder God ons ou self en vervang dit met sy geregtigheid. Hoewel ons bly te kort skiet aan sy heiligheid, hou Hy aan om ons te verlos en met ons te wandel en ons voortdurend te vernuwe.

Ons verlossing is meer as wonderbaarlik. Jesus doen werklik alles! Hy vergewe ons, Hy gee vir ons 'n nuwe hart, Hy verander ons, Hy bly lief vir ons al misluk ons, Hy is geduldig met ons, Hy beskerm ons en Hy vertroos ons. Hy is 'n wonderlike Verlosser. Hy is die Een wat ons van skande verlos.

*Gebed*

Here, U het my alles geskenk wat ek nodig het om 'n goddelike lewe te lei. Help my om te onthou dat U daar is om te help, te leer, te lei, te voorsien, te vergewe, lief te hê en te vertroos sodat ek heiliger kan word. Help my om deur u krag my lewe te verander. In Jesus se naam, amen.

# VRYDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 4*

## *2 Korintiërs 4:7-18*

7 Ons wat hierdie skat in ons het, is maar kleipotte wat maklik breek; die krag
wat alles oortref, kom dus van God, nie van ons nie. 8 In alles word ons verdruk,
maar ons is nie terneergedruk nie; ons is oor raad verleë, maar nie radeloos nie; 9
ons word vervolg, maar nie deur God verlaat nie, op die grond neergegooi, maar
nie vernietig nie. 10 Die sterwe van Jesus dra ons altyd saam in ons liggaam,
sodat ook die lewe van Jesus sigbaar kan word in ons liggaam. 11 Voortdurend
word ons wat lewe, ter wille van Jesus uitgelewer aan die dood, sodat ook in ons
sterflike bestaan die lewe van Jesus sigbaar kan word. 12 Dit beteken dat in ons
die dood aan die werk is, maar in julle die lewe. 13 Daar staan in die Skrif: "Ek
het geglo, daarom het ek gepraat." Ons het dieselfde Gees wat die geloof wek, en
ons glo, daarom praat ons ook. 14 Ons weet immers dat God, wat die Here Jesus
uit die dood opgewek het, ons ook saam met Jesus sal opwek en ons saam met
julle voor sy troon sal stel. 15 Ons doen dit alles om julle ontwil, sodat die genade
van God steeds meer mense kan bereik. Dan word die dankgebede ook meer, en
God ontvang die eer. 16 Om hierdie rede word ons nie moedeloos nie. Al is ons
uiterlik besig om te vergaan, innerlik word ons van dag tot dag vernuwe. 17 Ons
swaarkry in hierdie lewe is maar gering en gaan verby, maar dit loop vir ons uit op
'n heerlikheid wat alles verreweg oortref en wat ewig bly. 18 Ons oog is nie op die
sigbare dinge gerig nie, maar op die onsigbare; want die sigbare dinge is tydelik,
maar die onsigbare ewig.

# VRYDAG

LEES:
*2 Korintiërs 4:7-18*

SOAP:
*2 Korintiërs 4:15-18*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# VRYDAG

*Dagstukkies vir Week 4*

*SOAP*

2 KORINTIËRS 4:15-18
ONS DOEN DIT ALLES OM JULLE ONTWIL, SODAT DIE GENADE VAN GOD STEEDS MEER MENSE KAN BEREIK. DAN WORD DIE DANKGEBEDE OOK MEER, EN GOD ONTVANG DIE EER. OM HIERDIE REDE WORD ONS NIE MOEDELOOOS NIE. AL IS ONS UITERLIK BESIG OM TE VERGAAN, INNERLIK WORD ONS VAN DAG TOT DAG VERNUWE. ONS SWAARKRY IN HIERDIE LEWE IS MAAR GERING EN GAAN VERBY, MAAR DIT LOOP VIR ONS UIT OP 'N HEERLIKHEID WAT ALLES VERREWEG OORTREF EN WAT EWIG BLY. ONS OOG IS NIE OP DIE SIGBARE DINGE GERIG NIE, MAAR OP DIE ONSIGBARE; WANT DIE SIGBARE DINGE IS TYDELIK, MAAR DIE ONSIGBARE EWIG.

*Oordenking*

Baie dinge in die lewe kan veroorsaak dat ons skande ervaar. Skande kan 'n wrede en onderdrukkende baas wees. Maar ons God is groter. Ons is vrygemaak en is nie meer slawe van sonde en skande nie. Hoewel ons steeds faal en val, bedek sy geregtigheid ons en werk voortdurend in ons om ons meer soos Hy te maak.

Ons voel dalk neergedruk en verward, maar omdat die Here ons vashou, sal ons nooit verpletter of vernietig word nie. Dieselfde krag wat Jesus uit die graf laat opstaan het, woon ook in jou. Jy kan veg en oorwin. Jy kan die wedloop hardloop en nie moed opgee nie. Jy kan opstaan, berou hê en aanhou om verder te gaan.

Die krag wat in jou woon is oneindig sterker as enige sonde waarvoor jy te staan kom of enige skande wat jou wil oorweldig en beheer. God het baie moeite gedoen om jou te red, deur sy enigste Seun te stuur om skande namens jou te verduur. Skande kan jou probeer beheer, maar jy behoort aan die Een wat ons van skande verlos. Hy is altyd aan die werk.

*Gebed*

Here, skande kan sterk en verlammend wees in my lewe, maar U het al die kettings wat my vasbind gebreek. Laat my die vryheid wat ek in U het, raaksien. Bevry my hart, want ek smag na 'n lewe van vrede, nie een wat deur skande beheer word nie. In Jesus se naam, amen.

# OORDENKINGSVRAE

1. Wat openbaar Johannes 8:1-11 aan ons omtrent Jesus? Hoe is Hy die Verlosser van skande in hierdie verhaal?

2. Hoe het God tot dusver in ons studie die Woord gebruik om jou lewe van skande te bevry?

3. Hoe demonstreer Jesus in Petrus se verhaal dat Hy Petrus vergewe het vir sy ontrouheid aan Hom as vriend? Hoe help dit Petrus om die skande van sy verraad te verbreek?

4. Hoe het God 2 Korintiërs 5:17 gebruik om jou te help om die skande wat jy as gevolg van jou verlede ervaar het, te verbreek, en om jou te help om te genees en met vrymoedigheid jou toekoms in te gaan?

5. Hoe het ‘n dieper begrip dat Jesus die Verlosser van ons skande is, ‘n groter dankbaarheidsgevoel vir Hom in jou lewe gebring? Hoe het Hy hierdie studie gebruik om die krag van skande in jou lewe te verbreek?

# NOTAS

# NOTAS

# KEN HIERDIE WAARHEDE

### *God het jou lief.*
Selfs wanneer jy onwaardig voel en voel of die wêreld teen jou is, God het jou lief - ja, vir jou - en Hy het jou vir 'n groot doel geskape.

God se Woord sê, "God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê" (Johannes 3:16).

### *Ons sonde skei ons van God.*
Ons is almal van nature en deur keuses sondaars, en as gevolg van dit is ons geskei van God, wat heilig is.

God se Woord sê, "Almal het gesondig, en het nie deel aan die heerlikheid van God nie" (Romeine 3:23).

### *Jesus het gesterf sodat jy die lewe kan hê.*
Die gevolg van sonde is die dood, maar jou verhaal hoef nie daar te eindig nie! God se gratis geskenk van verlossing is aan ons beskikbaar, want Jesus het die straf vir ons sonde gedra toe Hy aan die kruis gesterf het.

God se Woord sê, "Die loon wat die sonde gee, is die dood; die genadegawe wat God gee, is die ewige lewe in Christus" (Romeine 6:23); "Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was" (Romeine 5:8).

### *Jesus leef!*
Die dood kon Hom nie vashou nie, en drie dae nadat Sy liggaam in die graf geplaas is, het Hy opgestaan, en sonde en die dood vir ewig oorwin! Hy leef vandag in die hemel en is besig om 'n plek in die ewigheid voor te berei vir almal wat in Hom glo.

God se Woord sê, "In die huis van my Vader is daar baie woonplek. As dit nie so was nie, sou Ek nie vir julle gesê het Ek gaan om vir julle plek gereed te maak nie. En as ek gegaan het en vir julle plek gereed gemaak het, kom Ek terug en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is" (Johannes 14:2-3).

### *Ja, jy kan WEET dat jy vergewe is.*
*Aanvaar Jesus as die enigste weg na verlossing…*

Om Jesus as jou Verlosser te aanvaar gaan nie oor wat jy kan doen nie, maar eerder om geloof te hê in wat Jesus alreeds gedoen het. Dit verg dat jy herken dat jy 'n sondaar is, dat jy glo dat Jesus vir jou sondes gesterf het, en dat jy vergifnis vra, deur jou volle vertroue te plaas in Jesus se werk aan die kruis om jou onthalwe.

God se Woord sê, “As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word. Met die hart glo ons, en word ons vrygespreek; en met die mond bely ons, en ons word gered” (Romeine 10:9-10).

### *Hoe lyk dit prakties?*

Met ‘n opregte hart kan jy ‘n eenvoudige gebed soos hierdie bid:

> *God,*
> *Ek weet dat ek 'n sondaar is.*
> *Ek wil nie nog 'n dag leef sonder om die liefde en*
> *vergifnis wat U vir my het met ope arms aan te neem nie.*
> *Ek vra vir U vergifnis.*
> *Ek glo dat U vir my sondes gesterf*
> *het en uit die dood opgestaan het.*
> *Ek gee alles wat ek is oor, en vra*
> *U om die Here van my lewe te wees.*
> *Help my om weg te draai van my sonde en U te volg.*
> *Leer my om te weet wat dit beteken om in vryheid te wandel*
> *soos ek onder U genade leef, en help my om te groei in U weë,*
> *soos ek daarna streef om U beter te ken.*
> *Amen.*

As jy nou net hierdie gebed gebid het (of iets soortgelyks in jou eie woorde), sal jy ons e-mail by info@lovegodgreatly.com?

Ons sal jou graag wil help om te begin met hierdie opwindende reis as ‘n kind van God!

# WELKOM VRIENDIN

*Love God Greatly* bestaan om vrouens reg oor die wêreld te inspireer, aan te moedig en toe te rus om God se Woord ‘n prioriteit in hulle lewens te maak.

### *INSPIRERING*
van vrouens om God se Woord ‘n prioriteit te maak in hulle daaglikse lewens deur ons Bybelstudie hulpbronne.

### *AANMOEDIGING*
van vrouens in hulle daaglikse wandel met God deur ‘n aanlyn gemeenskap en persoonlike aanspreeklikheid.

### *TOERUSTING*
van vrouens om in hulle geloof te groei, sodat hulle effektief ander mense vir Christus kan bereik.

*Love God Greatly* bestaan uit ‘n pragtige gemeenskap van vrouens wat ‘n verskeidenheid van tegnologie gebruik om mekaar verantwoordbaar te hou in God se Woord.

Ons begin met ‘n eenvoudige Bybelleesplan, maar dit eindig nie daar nie.

Sommige vrouens kom bymekaar in hulle huise en plaaslike kerke, terwyl ander aanlyn met vrouens reg oor die wêreld inskakel. Watter metode ookal gebruik word, ons vou liefdevol ons arms om mekaar en verenig vir hierdie doel…om God heelhartig met ons lewens lief te hê.

By *Love God Greatly* sal jy ware, lewensegte vrouens vind. Vrouens wat onvolmaak, maar tog vergewe is. Vrouens wat minder van hulleself, en baie meer van Jesus begeer. Vrouens wat verlang om God deur Sy Woord te ken, want ons weet dat Waarheid ons hervorm en vrymaak. Vrouens wat beter is wanneer hulle saam is, versadig in God se Woord en in ‘n gemeenskap met mekaar.

*Love God Greatly* is ‘n 501 (C) (3) nie-winsgewende organisasie. Bevondsing vir *Love God Greatly* kom van donasies en opbrengste van ons aanlyn Bybelstudie joernale en boeke. LGG is toegewyd om kwaliteit Bybelstudie materiaal te voorsien en glo dat finansies nooit in die pad moet staan van ‘n vrou om te kan deelneem in een van ons studies nie. Alle LGG joernale en vertaalde joernale is beskikbaar om gratis afgelaai te word van LoveGodGreatly.com vir diegene wat nie kan bekostig om dit te koop nie. Ons joernale en boeke is ook te koop op Amazon. Soek vir “Love God Greatly” sodat jy al ons Bybelstudie joernale en boeke kan sien. 100% van die opbrengs gaan direk terug in die ondersteuning van *Love God Greatly* en help ons om vrouens reg oor die wêreld te inspireer, aan te moedig en toe te rus met God se Woord.

DANKIE dat jy ‘n deelgenoot met ons is!

## WAT ONS AANBIED:

18 + Vertalings | Bybelleesplanne | Aanlyn Bybelstudie
Love God Greatly App | 80 + Lande Bedien
Bybelstudie Joernale & Boeke | Gemeenskapsgroepe

## ELKE LGG STUDIE SLUIT IN:

Drie Ooreenstemmende Blog Inskrywings
Memoriseerverse | Weeklikse Uitdaging | Weeklikse Leesplan
Oordenkingsvrae En Meer!

## ANDER LOVE GOD GREATLY STUDIES SLUIT IN:

Saligsprekinge | Ester | Woorde Maak Saak | Wandel in Oorwinning
Laat Reg Geskied, Bewys Liefde En Trou, Lewe Bedagsaam Voor Jou God
Getroue Liefde | Wees Dapper | Verlosser | Beloftes van God
Liefde Sonder Vooroordeel | Waarheid Oorwin | 1 & 2 Tessalonisense
Vrees en Angs | Jakobus | Sy Naam Is... | Filippense | 1 & 2 Timoteus
Toegewy | Rut | Gebroke en Verlos | Wandel in Wysheid | God Met Ons
Jy is Vergewe | Dawid | Prediker | Groei deur Gebed | Name van God
Galasiërs | Psalm 119 | 1 & 2 Petrus | Gemaak vir Verhoudings
Die Pad na Kersfees | Die Bron van Dankbaarheid | Jy is Geliefd

*Besoek ons aanlyn by*

LOVEGODGREATLY.COM
LOVEGODGREATLY.COM/AFRIKAANS